

HABARI.

Newsbrief van die Oos-Afrika-Vriendekring.
Newsletter of the friends of East Africa.

jambo sana.

Oct/Okt.
1985.
No. 13.

COLONY AND PROTECTORATE OF KENYA.

No 76127 A

R.F. 9.

G. P. P. Nairobi.

Received

from

Eldoret
13/11/1927
E. S. Muriuki Esq.

the sum of Shillings

five only

on account of

fine in criminal case No.
1910/29

Sh. 5/-

Abdullah Baidoo
R.M.

This is the copy of a receipt for 5/- given to Mrs McDonald's Uncle, who was 'nabbed' by A.L. Griffiths for speeding on the old road which passed the Police Station (+ jail) in Eldoret.

THE FIRST SATURDAY IN OCTOBER
DIE EERSTE SATERDAG IN OKTOBER

YOU CANNOT MISS IT


JY KAN DIT NIE MISLOOP NIE

5 OKTOBER 1985 5 OCTOBER 1985

We'll all see each other at the fountains in PRETORIA on this important date, bring your picnic tea and lunch, your folding chair, your family, your friends. Then we can also share the latest gossip.

Die Argief van die N G Kerk sal oop wees op die 5de October tussen 8h30 en 13h00 spesiaal vir die mense wat graag wil gaan kyk na die fotos en ander belangrike dinge uit Oos Afrika en die Kerk aldaar. Dit is nie gewoonte dat die Argief oop is op 'n Saterdag nie maar hulle gaan dit spesiaal vir ons oop hou sodat die mense kan sien dat die belangrike bedraes wat hulle gemaak het goed versorg word.

Dit is by die N G KERK-SINODALE SENTRUM VISAGIE STR 234, PRETORIA.



korrespondensieletterscorrespondencebriewe

Dear Danie

Thank you for the newsletter, it is most interesting.

In the past people have complained about there not being enough English in the letter. I would suggest that the news included would be in the language that it is sent. I know once at the Fountains an English speaking person complained to an Afrikaans lady who then answered "I had to learn your language, now you can learn my language." This is the truth, we spoke our language at home but only English was spoken in the schools. I remember the headmaster of Nairobi Primary School, Dicky Wood, he would not allow any Afrikaans to be spoken and if we were caught we had to write out 100 times, "I must not speak Afrikaans at school."

See you at the fountains.

Regards Emma Stow

oooooooo00000000oooooooo

Liewe Danie

Baie dankie vir die nuusbrieff. Dis heel interessant en vul mens met nostalgie. Vir die eerste keer in baie jare is hier darem iemand uit Kenia in ons omgewing t w Marie Steynberg (geb. van Deventer) op Rhodes. Sy en haar man het die ou Hotel daar pragtig gerestoureer. Ons gesels te heerlik oor Kenia en sy mense!

Oom Sonnie se stories is baie amusant maar dateer meeste uit die ou dae. Miskien sal hy later vertel van mense wat ons ook geken het. Want in ons dae het daar ook snaakse dinge gebeur! Ek het darem die episode van Oom Thysie Davies en die miskook en die Queen Mother op die Royal Show te Eldoret belewe. Ander van die stories het ek self in Kenia gehoor en weer opnuut gelag. Ook Tiens Steyn se bydrae. Ons kinders wat saam met hom op die Hill School was het hom altyd "Lucky Tiensie" genoem. Hy maak melding van Oom Abie Mouton, sy Sondagsskool pieknieks en die rooi blikkie Benson & Hedges. Hy was waarlik 'n vindingryke man. Ek het ook destyds in fotografie belanggestel en Oom Abie het my ingelyf in die fyner finesse van kleurontwikkeling. Om my te help daarmee het hy vir my twee fyn skaaltjies en 'n stel gewiggies gemaak om die chemikalie mee af te weeg. Die gewiggies .1 gram tot 200 gram is netjies in vakkies van olienhout in so 'n rooi blikkie en ek gebruik dit gereeld om die pos & pakkies mee te weeg. Ja en nou is Oom Abie ook al baie jare van ons weg, maar watter lieflike vriend en gemeentelid was hy nie.

In elk geval wou ek maar net se Asante Sana vir Habari en verder Jambo Sana vir al die vriende daar by die fonteine. So jammer ons kan nie daar wees nie!!

Liefdegroete Jos en Suzanne Theron.

Hier is uittreksel uit 'n brief van Jan en Rona Esteen -

Sannie van Vuuren het in 1904, net na die Anglo-Boere oorlog, vehuis vanaf Suid Afrika en het 'n sak patats saam geneem, dus het die naam Patatadraai ontstaan. Daar is wonderlike patats gegroei wat tot 6 kilogram (of liewer ponde) geweeg het. Oom Jan Nel het daar 'n plaas daargehaad en hy het saam met 'n Italianer die Nel's brug gebou op Patatadraai.

Oorlede Adam van Rensburg, Oom Ben Mouton (Piet se Pa) het daar plase gehaad. Oom Jan (duim) van Rensburg Oom Danie Borman het aan die oorkant van die rivier gebly asook Koos Smit.

Hier in 1952 met die groot reens op die Athi Plains het die wild vasgesit in die potklei van die Athi Rivier. Pieter Dempser, Chris Ulton, en Kerbie

Elliot is deur die Kommissaris Fluffy Fouch aangese om die wild te gaan uithaal. Ons was al drie in die polisie. Op 'n rant is die tent opgeslaan. Dempser se voete het nie te aangenaam geruik nie, seker van die bootse wat ons in die nattigheid moes dra. Ons se toe hy moet sy voete uit die tent sit as hy slaap. In die nag het dit aanhou reen. Skielik skrik ons wakker toe die hele tent op ons omslaan. 'n Honger leeu of haena het die reuk gekry en sy voete gehap. In die remoer wat toe volg het die senter paal in die slag gekom en alles op ons laat beland. Die dier het hom 'n entjie gesleep tot waar hy hom in 'n fluitjies doring bos gelos het.

RUMURUTIE. Oom Frank de Lange, Gordon Farr, Eddie de Waal, Ds Brits, en nog 'n vyfde man, wie se naam ek vergeet het, wou gaan leeus skiet. Hulle skiet toe eers 'n kwagga vir lokaas en hang die karkas in 'n platkroon doringboom op, hulle maak 'n platform van takke en gras in die boom en rig dit gerieflik in vir 'n lang wag. So ent van die boom staan toe die model T ford waarmee hulle gaan jag het. Toe neem hulle die gewere en 'n kas "Tusker", klim die boom en wag. In die middel van die boom was 'n loer gaatjie. Dit het goed gegaan in die skuiling maar toe hulle agter kom was die leeus aan't vreet. Almal wou sien wat aangaan en toe hulle so saam wou loer toe kantel die hele stellisie oor en tuimel boop die leeus, geweere lee bottels en al. Ek wonder wie het die grootste geskrik. Ds Brits nael toe vir die motor om die lig aan te sit maar die leeus was toe al weer weg en almal nugter gekrik.

-----00000000000-----

Stoffelina Snyman (geb. Prinsloo) skryf

Ons besluit om die Augustus maand op Safari te gaan na die Masai Reserve. Dit het kwaai gereent die maand. Ons leen toe Roelf Prinsloo se lorrie want ons s'n was te klein. Langs die pad kry ons die Steenkamp lorrie hulle het teespoed geaad. Hulp was ook reeds op pad dus het ons toe maar verder gegaan. Langs die pad het ons iets vir die pot geskiet. My Pa hulle het voor gery met die motor. Ek, Frans Du Toit en broer Koos het met die Lorrie gery. Ons hou toe stil sodat Frans 'n bok kon skiet, toe ons weer wou ry gly die lorrie, ons se vir Koos laat hom maar in die veld in ry. Die agter wiel vang toe 'n walletjie en stadig val die lorrie toe om. Gelukkig kon ons by die stukkende voorruit uitklim. Die swartes wat agter op die vragmotor was le toe rond, en hulle kreun, dit was van skok en gelukkig het hulle nie seer gekry nie.

Ons het toe verder gery en naby 'n loop gekamp. Vandaar het ons elke dag uitgery om te gaan skiet. My Pa wou 'n leeu skiet. Op 'n dag het ons weer net gery, by 'n loop still gehou, oorkant het die wilde beeste geloop, ons het almal afgeklim om spoore te soek, meteens skreeu my Ma "Die Leeu". Sy en Christina was voor ons almal. My Pa spring om en hardloop vir die geweer. My Ma is al voor my, ek het Sarie agter op my rug gedra, ek stamp toe my Ma op haar rug, toe hardloop sy eers want sy het gedink dis die leeu. My Pa doop toe die plek Snelloop.

Een dag wou my Pa die merrie se hoewe knip, sy wou nie still staan nie. Hy neem toe rieme, hys haar half lyf aan die balke op, sny die agter howe en toe die voorstes. Toe hy haar in die kamp jaag spring sy oor die hek, en toe die hond haar jaag skop sy hom. Sy het drie dae by Oom Sonnie gewei voor hy haar weer gaan haal het.

%%%%%%%%%

NUUS.....NEWS.....NUUS.....NEWS.....NUUS.....NEWS.....NUUS

Citizen 24 April 1985

A Powerful and influential international friend of South Africa has arrived in the Republic to replenish his "ammunition" for what he regards as the penultimate battle to save Europe from communist domination.

Ernst Prinz von Isenburg, former president of the German-South African Association in Germany, told The Citizen in an interview yesterday: "If South Africa goes down to communism, its only time before Europe goes-and then the rest of the world."

The 78-year-old Prince said he had now dedicated himself to changing South Africa's image in the world.

I don't know which newspaper the following item comes from but they have been sent and merit mention.

24 November 1963 (probably the East African Standard)

A group of South African farmers in Kenya were told by the Governor, Mr Malcolm MacDonald, yesterday that the British Government would give urgent attention to the purchase of the Ol Kalou salient farms which they run. The farmers, headed by Mr John Kruger, were with the Governor for about 90 minutes. Mr Kruger said later that, while he understood the farms were to be purchased, he did not know how the operation would be phased.

"We look forward to cooperating with the Ministry of Land Settlement and the Ministry of Agriculture to take over the salient in an orderly and honourable manner," he said.

He said that, due to the efforts of the Prime Minister, Mr Kenyatta, and the local police chief, "the security atmosphere in the Ol Kalou area has changed for the better."

25 Oct 1984 Citizen

The winner of the original Nairobi-to Johannesburg race, held in 1936, was one of many participants in the Sun City Nairobi Rand commemorative run which started from Halfway House yesterday.

Mr Fairy Engelbrecht (78), won the first race with a 1936 Terraplane, and took part in the commemorative run yesterday in a Terraplane panel van.

The original run from Nairobi to Johannesburg took place for the first time on October 26, 1936 and was organised by the Touring Club of East Africa.

A total distance of 3500 kilometers was covered during the event, which took place on sand roads. Many of the entrants had to drive their vehicles from South Africa to the start in Nairobi.

The race took two days to complete and the fastest time was on a sand road into Blantyre, the capital of Nyasaland, at an average speed of 140 kilometers an hour.

After Mr Engelbrecht's victory, Terraplanes disappeared from the market in Johannesburg and the reef, because all were sold out as a result.

This year's event was an all-day event which ended at Sun City. It had about 40 competitors, who started at Halfway House yesterday morning.

Volgens Oom Thys Davies het Oom Fairy die Terraplane Kongonie genoem (Swahili vir Hartebees) omdat die kar se vere alles met Hartebees vel toe gedraai was om hulle te versterk.

Pretoria News Foreign Service

Proving that you can't keep a good man down, one of the South Africans who pioneered large-scale wheat farming in Kenya is now breaking new ground, of another sort, after starting a new life at 60. Among the 420 South African families who settled at Thompson's in colonial times, while another 625 families put down roots on the Uasin Gishu Plateau, Mr Hofmeyer Retief was a pillar of the Church and community. For 30 years after trekking north from Graaff-Reinet in 1944, HOFFIE farmed 3300 acres along the edge of the Kenya high forest. In 1977 when all the other South Africans in the Thompson's Falls community had left, political pressures on the Retiefs finally became too much for them. They sold their farm, bought a house at Malindi and retired to the Kenya coast. Where he is growing vegetables.

The Star 2 April 1984

Mr Peter Davies who takes turns with Mr du Toit at leading groups of six to eight visitors on the Nyalaland hikes, recently suffered rib injuries when a buffalo knocked him down. But he was out on the trail again when I visited Punda Maria shortly afterwards.

-Hierdie Peter is die oudste seun van Thys Davies. Hy was op skool op die Prince of Wales en op Rustenburg. Hy is wild bewaarder in die Kruger Park waar hy verantwoordelik is vir die Nyala wandelpad.

East African Standard (date unknown)

The former Van Riebeeck School, which was an Afrikaans school run by the Dutch Reformed Church in Kenya, was officially reopened as the new Thomson's Falls Secondary School by the President of the Rift Valley Regional Assembly, Mr D T Moi, on Saturday.

The school which cost members of the Dutch Reformed Church more than one hundred thousand pounds to build in 1951, is to cater for the educational needs of all tribes and races living in the Rift Valley Region.

The main parties in the negotiations were the Kenya Government's Ministry of Education, the trustees of the school on behalf of the Dutch Reformed Church and the Christian Churches Education Association.

The Dutch Reformed Church agreed to waive the fifty thousand pounds they had already spent towards the cost of the school, but they asked the gov. and the C C E A to meet the other fifty thousand which was an outstanding debt.

After further negotiations the Kenya Gov. agreed to pay half of this debt in addition to three thousand for equipment, and the Presbyterian churches in the Rift Valley Region accepted to pay twenty five thousand over a period of ten years.

Pretoria News 18 Sept 1982

It was when Dr David Reynolds grew up in the far interior of Africa, on the shores of Lake Victoria in Kenya, that his love of ships was kindled.

It is a love that has spurred him to build model ships, write books and collect maritime bric-a-brac. Dr Reynolds, who moved to Pretoria in 1974 from Kenya, where he was a teacher, said his interest in ships began as a child. "My parents were missionaries near Lake Victoria," he said, "and it was there I saw my first vessels."

The newspaper carried a picture of Dr Reynolds and a model ship that he built.

NOG NUUS---MORE NEWS-----

Ek het 'n foto van Oom Piet Jordaan en Tant Poppie met bekere wat hulle verower het met skyfskiet in Kenia. Oom Piet was die eerste meulenaar en het op Sergoet gebly. Almal het by Oom Piet gaan maal.

Jansen Davies is nou Assistent Algemene Bestuurder van Ned Equity. Hy is die jongste seun van Oom Thys en Tant Marthie Davies. Hy was hoof seun in die Hill skool en Alta Eksteen dogter van Koppie Eksteen was hoof meisie die selfde jaar.

TANT LENA STEYN-Oorlede 11 Nov 1984. Tant Lena se man was Oom J B Steyn vroer van Kitale, sy het nou op Rustenburg gewoon

KENNETH ODENDAAL - Passed away on 7 October 1984. Kenneth farmed at Ol'Kalou, he was the son of the late Sampe and Hetty Odendaal. He had an election business in Bethal. He is survived by four children from his first wife Talana.

FRANK DE LANGE - Died 5 March 1985 in his 89th year. He was a train driver on the K U R & H. Then he went farming in Eldoret. He died at Warmbaths where he had been living in the old age home. He did beautiful woodwork.

LIONEL ULYATE - Passed away on 25 April 1985, fifteen days after his 60th birthday, after a short illness. He used to live in Ruraka behind the Taylor's Brewery, and he worked for Gailley and Roberts, Nairobi. The father Sunny Ulyate and his brother Herbert (now in New Zealand) were all very fond of motorbikes. He was married to Susan Meintjies, daughter of the late Hemy Meintjies of Eldoret, they had four children Dawn; Lorna; Tinyman; and Margery. During the Mau-Mau times a shot was fired into the back of his head, it was still there when they buried him now more than 30 yrs later. He is survived by his wife Trixie and four step children. He is buried in Vryheid.

Ons het ook nuus dat NAN WOODLEY en haar seun COLIN, asook IRIS CUNDILL wat by Digby Green gewerk het, almal oorlede is.

FRANS JOHAN ARNOLDI (FRANK)- Oorlede 23 Oct 1984, hy was 94 jaar, hy was nog gesond maar moeg en swak. Hy is still in sy slaap oorlede.

TANTE BABS DE BEER (gebore v d Merwe), - Oorlede 31 Mei 1984, Moeder van Lily Hitchcock; Bets Pienaar; Kosi van Rooyen; Lettie Newby; Mara Grimwood; Willem en Louw de Beer. Sy was in die oue tehuis in Danville, vroer van Oldiani van Tanzania.

ROELOF DE WET - gebore 6 Junie 1900, oorlede 30 Oktober 1984. Hy is deur Ds Louw begrawe uit die N G Kerk in Marble Hall. Hy was vroer van Ol'Kalou

TANT SOPHIE LE GRANGE - (Gebore Niewnhuizen) Oorled 27 Julie 1985. Vroer getroud met Jack le Grange, toe met Daan Manning en later met Danie Jacobs. Sy het in Pietersburg gebly in haar eie woonstel. Sy was drie maande siek met 'n been wat nie wou aangroei nie. Maar sy is toe skielik oorlede aan 'n hartaanval by haar dogter, van Staden.

PLEASE LET US KNOW IF YOU KNOW!!!!!! OTHER ALSO WANT TO KNOW, WHEN YOU SEND IN AN ITEM OF NEWS GIVE US SOME BACKGROUND, IT HELPS JOG MEMORIES ed.

NEWS FROM HERMANN LANDGREBE

The other day I recieved a phone call from Prince Ernst van Isenburg. Prince Isenburg came to our farm at Engare-Nairobi, West Kilimanjaro in 1932, to learn more about Tropical Agriculture, my father having been recommended by influential friends in Germany. He has tried his hand at many trades, and our paths have often crossed. Prince Isenburg married Fiona Davidson from Rongai and they have five children.

In Somerset West we visited our cousin Normann Rodenacker. He celebrated his 50th Wedding Anniversary on 22 December. I was the flower-boy at his wedding in Arusha in 1934, so I had the privilage in the car with the newlyweds. I was 12 years old.

Another interesting character that I met in Somerset West was Mr Carr formerly of Engare-Nairobi. In 1930 he went to work for Mrs Phelps and Webb, on the North River. He was bitten in the arm by a Zebra, he had shot it, went up to it, presuming it was dead, when it turned on him and bit him. He left for South America in 1934. Returned to East Africa in 1939 to join the British Airforce in World War II. In 1947 he bought a huge wheat farm at Olmolog in West Kilimanjaro, where he worked for 15 years. He left East Africa in 1962 because of Uhuru. He then did crop spraying in Rhodesia, until he again left because of Uhuru. Now 77, he does woodwork and is still very active but thinking of moving to South America because of the Uhuru bells. Mr Carr is married to the daughter of Mr Eckman, formerly of Simba Estate at Ngare Nairobi. Later Mr Eckman moved to Oldonju Sambu.

JAMES HENRY DAVIS, Jim of Jim Singer soos hy by die meeste van ons bekend gestaan het, gebore 9 Feb 1926 Oorlede 23 Mei 1985 te Middelburg. Nog 'n skakel is gebreek.

Minder word die Kenia gebore intrekkeers na Suid Afrika.

Met liefde sal ons altyd terugdink aan sy opgeruimde geaardheid. Saam met sy Pa Oom Jimmy wat so bekend was in die Kenya Kerkkore wat Auntie Frieda afgerig het. Hy was bekend vir sy pragtige stem. Hy het lank in die buiteland gestudeer as sanger. In Suid Afrika het hy ook vir 'n tyd vir die S A U K opgetree. Verder was daar amper nie 'n troue of begrafnis van sy familie en vriende waar hy nie opgetree het nie. Hy was altyd gewillig en het dit nooit vir geld gedoen nie.

Hy het hier in Middelburg kom woon waar hy en sy vrou Fransie sy Ma en Pa baie jare opgepas het. Hy het ook hier 'n manskoor gesitg en lank saam met hulle opgetree.

Minder bekend was seker sy skrywers talent. Die Natal Hunters Association het 'n hele aantal van sy jagstories gepubliseer.

Tant Let en ek het die voorreg gehaad om hom op meer as een keer te besoek toe hy in die bed was met ongeneeslike lewer kanker. Hy was altyd vol moed en het nie 'n enkele woord van opstnad of klag geuiter nie. Toe ek vir hom se "Jim as dit dan so is dat jy moet gaan, dink daaraan dat ek ook in beseeringstyd tyd leef, miskien volg ek jou gou." Het hy net met 'n glimlag geantwoord en gese "Ja Oomie dan is dit darem twee van ons" Met opoffering is hy deur sy familie by die huis opgepas tot die eiende. Sy oudste dogter wat in Amerika as vroue Dokter kwalifiseer het, het spesiaal hierheen gevlieg om hom by te staan in sy laaste ure. Geskryf deur Oom Jim Davis.

DS M P LOUBSER - Uit sy dagboek

Ds M P Loubser van die voormalige NG Gemeente Vergenoeg te Eldoret, Kenia, was 'n bedrewe en bedrywige voortrekker-leraar, ook met die pen. Hy het in sy tyd met baie mense gekorrespondeer. 'n Mens durf byna die vraag stel met wie het hy nie gekorrespondeer nie! Ek besit onder meer 'n oefeningboek waarin ek talle briewe en ander stukke uit sy pen aan Die Kerkbode gerig, uitgeknipt en ingeplak het. Hierdie korrespondensie alleen dek 'n wye veld, want hy was 'n rustelose en oplettende leraar wat die Kerk en sy mense op hoogte gehou het oor alles en almal met wie hy dit op kerklike terrein te doen gekry het. Trouens, hy het Kenia, Tanzanie en ander besoekpunte, aan die begin van hierdie eeu, met sy interessante briewe letterlik op die kaart geplaas en vir baie jare onder die oe van die kerklike publiek gehou. Ons oud-Oos-Afrikaansers hou dan ook met onuitspreeklike dankbaarheid sy nagedagtenis in hierdie opsig in ere. Daarom wil ons graag, sover moontlik, greeld elke jaar in ons omsendbrief iets oor hom aan die vergeetlikheid ontruk, sodat ons opkomende geslagte wat hom nie persoonlik geken het nie, hom ook sal bly gedenk. Voorverlede jaar het ons vertel hoedat hy uit eie, vrye beweging met 'n klompie burgers by Colesberg waar genl. French vir genl. Schoeman moes keer om nie deur te breek Kaapland toe nie, oorgestap het om die massa-begrafnis van Britse gesneuweldes by te woon en somer spontaan, met verlof van die betrokke Britse offisier in bevel daar, uit die vuus 'n roerende en aandoenlike begrafnisdiens in foutlose Engels gehou het. L S Amery noem dit "a pathetic scene." By hierdie geleendheid moet ek byvoeg dat ds Loubser nie alleenlik aan Die Kerkbode gereeld geskryf het nie maar ook aan die nederigste lid van die gemeentes in Oos-Afrika. Ek het meer as een van hierdie briewe te lese gekry, party waarlik stokhoringkalbasoud, want die geeerde onvanger van 'n skrywe van ds Loubser het dit soos 'n kleinood bewaar en die hele vriendekring het dit soos 'n Pauliniese sendbrief gelees. Natuurlik het baie mense aan ds Loubser oor allerhande sake geskrywe en sy pen het warm gebly.

Op hierdie oomblik dink ek aan vier briewe op Kersdag 1900 aan hom gerig by Colesberg so onder die gevaarlike visier van genl. French se kanonne in die operasionele gebied. Soseer het hy die historiese belangrikheid van die briewe besef dat hy drie van die skrywers oorgehaal het om dit in eie handskrif in sy dagboek oor of in te skrywe en hulle het dit behoorlik geteken. Soos dit destyds by vele die gewoonte was om in Engels te skrywe, het die drie burgers ook Engels bo Nederlands verkies om nie eens van Afrikaans te praat nie. Hulle was seker ook maar skrikkerig vir die vanggate van die Hollandse "het" en "de" woorde. Toe ek egter met genl. Wynand Malan oor die eienaardigheid gesels het, het hy my verseker dat, indien die Engelse die Boere van Transvaal nie wawydwakker geskiet het nie, sou Transvaal uiteindelik, sonder slag of stoot, in 'n Britse geweste ontaard het, want so snel het Anglisasie destyds toegeneem. Niemand minder nie as genl. Smuts het gedurende die Vryheidsoorlog aan genl. Hertzog en genl. Malan in Engels geskrywe. Selfs verliefdes en verloofdes het in Engels geskrywe, danksy die droomwêreld waarin hulle so genadiglik vertoef het. Hoe dit ook al mag wees, die drietal het so hitsig en bitsig teen al wat Brits was uitgevaar, ondanks die stille vrede van die Kersgety, dat ek dit nie hier gelee ag om iets daarvan aan te haal nie, want ons beweeg tans in 'n klimaat van geen skoorsoekery en konfrontasie nie. Die vierde brief wat deur ds Loubser self in sy dagboek gekopieer is, is uiters belangrik, omdat dit humoristies, insiggewend en presies vier en tagtig jaar voor sy tyd opgeteken is, gemeet aan teenswoordige strominge. Die

"skrywer" is ene Witbooi, om hom voorloopig op sy skuilnaam te noem. Hy is inderdaad algemene handlanger en agterryer van ds Loubser en sy paar intieme kamerade. Hy kan nie lees of skryf nie maar is baie raak en oorlams met sy segoed. Bokant "zyn merk" pryk 'n stewige kruis in ink en skitter sy lewensles vir vandag se mense wat nog na hulle identiteit soek en hulle volle self nog moet ontdek. Vier en tagtig jaar gelede het hierdie unieke ou Witbooi homself al gevind! 'n Groot Franse skrywer het eenmaal verklaar: "Ek is die inhoud (of materiaal) van my boek want dis myself wat ek hier skilder." Dit is so kinderlik verrassend waar van Witbooi se brief. Hy penteken homself, heeltemal onbewustelik. Alleen 'n persoon wat homself ontdek het, kan homself so tiperend karakteriseer soos Witbooi dit doen. Wat meer is, daar bestaan vandag miljoene swartmense veral buite die verskeie swart state wat ernstig op soek is na hulle ware identiteit in veranderde lewensomstandighede en wat dit alleen sal vind as hulle die geweldlose pad van Witbooi volg.

Hierdie voorbeeldige skepsel het alles behou wat hy van sy voorvaders geerf het en daarby alles van die Afrikaner geneem waarop hy die hande kon le onder meer die blanke beskawing, die Afrikaanse taal, die Christelike geloof, die idee van 'n trotse, bree burgerskap en sy bereidwilligheid om in vrede en geregtigheid saam te lewe tot beswil van alle betrokke partye. In daardie tyd van bloedige oorlog is hy selfs bereid om langs sy heer en meester die magtige indringer van oorsee te beveg en die hoogste tol te betaal. Dit was sy vrywillige keuse en geboortereg om die verworwe eiendomlike besit tot die dood toe te verdedig in die aangesig van French se donderende kanonnades wat niks en niemand ontsien het nie. Ook nie Witbooi se swart vel nie.

Witbooi beskou Kersdag as 'n groot geleendheid om God te loof en blymoedig fees te vier in navolging van wat in die Boerestellings gebeur. Nou hoe op dees aarde kan 'n swartman waarlik opreg fees vier sonder sy dop? Daarom klae Witbooi ook steen en been dat pres Kruger wat tog immers beter moet weet, nie gesorg het vir die nodige voggies nie! Vir Witbooi is 'n Kersfees sonder 'n heildronk 'n afskeep affere. Ek dink self enige feestelikheid onder Swartes sonder Bantoebier, sou maar 'n floue ou sakie gewees het. Nee wat, pres Kruger het bo alle twyfel hier 'n bietjie laat slap le. Maar hoedat enige sterke drank by ds Loubser sou kon verby gesmokkel word, bly 'n raaisel. Desondanks het ds Loubser tog plegtig Witbooi se pynlike grief behoorlik "genotuleer," maar, helaas, sonder die offisiële " vertroosting" dat die aangeleendheid aandag geniet. Witbooi moes soms wye draaie loop om die noodsaaklike drinkwater te gaan haal en gras in te samel vir ds Loubser se geliefde strydros wat besig was om te krepere van hongerte. Ds Loubser se hart het letterlik gebloei van medelyde met sy verswakke ryperd, maar wat kon hy doen in sy vaste stelling onder die loop van gehl French se gevaarlike kanonne? Ewe harde koejawel het Witbooi dit toe maar binne trefafstand van die Britte se kleingeweervuur gewaag en sarkasties vertel hy dat die vyand maar skrikkerig vir hom was, want hoe nader hy aan hulle kom, hoe verder het hulle gewyk. Dus hy moes klaarblyklik een van Loubser se gewere by hom gehad het. Die Britte sou nie, sonder om eers op hom los te brand, gewyk het nie, en hy sou weer nie sonder 'n Mauser hulle so gevaarlik onder skoot genader het nie. In ieder geval verkleineer hy die vyand dat hulle vir hom lugtig is. Ek glo nie ds Loubser was bewus van Witbooi se avonture met sy geweer nie. Om 'n lang storie kort te maak, Witbooi verhef homself summier tot die hoe status van "burger" in die veld. Manhaftig verklaar hy: "Ek is nie somer 'n dingas nie. Ek is 'n burger van Transvaal!" Dit sou nogal 'n netlige kwessie gewees het vir genls

Smuts en Hertzog om uitsluitel oor te gee. Die twee "werklose" juriste moes met hulle kennis van nasionale en internasionale reg netelige regsangeleenthede vir die twee Republieke opheider. Die gangbare mening onder die burgers was dat sodra iemand die wapen vir Transvaal opneem, hy "onder die wapen" ipso facto Transvaalse burgerskap verwef, maar die Britte het hulle min daaraan gesteur. Hoeveel raak-of misskote Witbooi as "gebore" Transvaler afgevuur het, staan nie opgeteken nie. Die Britte het hulle eie nie-blankes as "British Citizens" beskou, veral as die Boer so ene as 'n spioen op skuldigbevinding gefusilleer het. In ieder geval het die Britte dit beskou as moord. Of Witbooi homself in lyn met die Britse reg as Transvaalse "Citizen" beskou het, is ook nie duidelik nie. Al wat ek weet, is dat hy homself tot Transvaalse burger verklaar, ongeag die menings van ander. Dis egter belangrik om te weet dat duisende blankes destyds hulleself egter nie presies kon identifiseer nie, laat staan die nie-blankes, terwyl Witbooi presies geglo het waar hy af of aan was. Daarom se ek hy het meer as tagtig jaar voor sy tyd al geweet om sy identiteit te bepaal. Op 25 Desember 1900 is sy ugesproke mening op skrif gestel. Ds Loubser, dit moet ons toegee, het hier 'n profetiese inskying wat gelyk staan aan ons eie "ik ben een Afrikaander".

Ek glo 'n persoon se identiteit, afgesien van talryke wette en voorskrifte, word in die laaste instansie bepaal hoe en wat hy voel en waar hy hom skaar en tuis hoort. Soort soek soort. Daar is vandag der duisende soekers na identiteit in Suid-Afrika wat nog nie Witbooi se lewenskeuse gemaak het of weet waar hulle presies inpas nie. En dit het niks te make met Witbooi se velkleur of hulle eie kleur nie.

Opsommend laat ons kortliks kyk na die dinge wat Witbooi beweeg het om sy besonder identiteit te bepaal of 'n mens dit nou onderskyf al dan nie:-

- (1) Hy was swart en het nie sy stamgebondenheid verleen nie.
- (2) Desnietemin is hy nie 'n rondloper "dinges" nie (Wat 'n mondvol)
- (3) Hy is 'n "burger" te velde dus 'n krygsman.
- (4) Hy verklaar hy is 'n Transvaler (Wat ek of 'n ander ook al mag se.)
- (5) Hy praat Afrikaans naas sy stamtaal.
- (6) Hy is 'n oorlamse kultuurprodukt en voel hom tuis by die blankes.
- (7) Hy is, belangrikste van alles, 'n Christen.

DEKI

LW. Uit pieteit vir pres Kruger het ek Witbooi se van nog nie genoem nie. Glo dit as u wil, hy was ene Meneer Kruger. Dit span die kroon.

J. J. MALAN SKRYF

'n Leeu vang eendag 'n bees en die jong Masai slaan die leeu oor die kop met 'n knopkierie. Die leeu byt hom toe dood. Die tweede Masai loop toe die leeu storm en kap met sy kapmes die leeu se oor af. Die gedierte spring toe op en probeer die Masai vang maar soos die Masai weghardloop is sy hele agterent kaal en die leeu vreet hom toe van agter op. Die Masais van die kraal hoor toe die geskreeu, hardloop om hom te help, steek die leeu dood en neem die half opgevreete Masai na die naaste polisie stasie. Hy moes toe so hande viervoet staan sodat daar ontsmetmiddels op die wonde gegooi kon word. Toe kom 'n ou Hollandse vriend op die petalje af en bekijk die Masai so en se "Nei, nei so laat ek wragtig niet myn gatjie byten."

'N HULDEBLYK AAN JANIE EN KAREL ENGELBRECHT

Karel en Janie Engelbrecht - Hulle het op Eldoret gewoon en ou Jantjie, soos almal haar geken het, was seker een van die beminlikste mense op Eldoret; Altyd 'n glimlag, en hulle huis het oopgestaan vir almal, sy was een van die spaarsaamste (maar nooit suinig nie) ou mensies gewees. Baie kere as haar huis toe gegaan het, was daar nie slaapplek vir hulle nie, want die kamers was afgestaan aan mense wat van plase ingekom het vir besigheid of vir dokters behandeling. Dit was veral die geval toe hulle op Nairobi gewoon het. Daar was altyd 'n bord kos - en ou Jantjie kon van niks 'n heerlike maaltyd maak. Toe Jantjie een keer by Anna gekuier het in Arusha, en Anna net 'n ou klein stukkie vleis in die yskas gehad het, het daar onverwags 'n hele paar mense opgedaag, Anna het heel ongemaklik gevoel, maar Jantjie het net gese: "Ou Antjie gaan sit jy nou leker en gesels met jou gaste en los my hier in die kombuis." Jantjie het in 'n japtrap toe 'n heerlike stew en slaai op die tafel voorgesit waaraan almal hartelik gesmul het.

Oom Karel het daardie tyd nie soveel verdien op die Spoorwee nie - maar tog was almal altyd welkom en het hulle huis oopgestaan vir almal. Oom Karel kon altyd so lekker lag as die kerels kom kuier het vir sy dogters, en dan het hy hulle 'n "kuku kali" sigaret aangebied en as hulle dan hoes en proes van die sterk sigarette was dit groot pret vir hom, die outjies het so hard probeer om braaf te wees en nie te wys dat hulle wil stik van die sigarette nie.

Sy was bekend vir haar heerlike Koelie Pickles wat greeld gekoop was deur ou Hassanali in Eldoret (alles net om 'n paar ekstra shillings te maak, want tye was swaar). In 1943 het Jantjie in 'n Ammunisie Fabriek gewerk in Nairobi (in wit 'overalls').

Toe Oom Karel aftree uit die Spoorwee het hulle 'n huis gekoop net oorkant die N G Kerk op Eldoret daar het hy 'n lieflike hoenderhok gebou wat groot genoeg was vir 'n duisend hoenders en dit was ook 'n betaalende boerderytjie., maar hy het nog as shedman gewerk op Nakuru terwyl Jantjie die hoenderboerdery op Eldoret behartig het. Oom Karel was toe later aangestel as Koster. Hy het 'n lieflike tuin gemaak en hy was altyd besig om te plant en te werskaf. Hy was so netjies met alles wat hy aangepak het.

Elke Maandag was daar hoenders geslag en baie netjies bewerk, al die veertjies met 'meths' afgebrand, en smiddae het die mense by die netjiese hoenderhokke gestaan en wag om eiers te koop.

Na Oom Karel se tragiese ongeluk het Janie alleen op Eldoret probeer woon, maar die Kikuyus het haar beroof van die hoenders. Sy het toe vir 'n jaar by haar dogter Anna gaan woon op Arusha, en het later verhuis na die Kaap waar sy 'n woonstel gehaad het in Parow.

Sy was ook 'n goeie oumatjie vir Anna en Maria se kinders wat daar skool gegaan het, en vakansies kon hulle gaan kuier want Anna en Maria hulle was nog woonagtig in Tanganyika en Kenya.

Laat in die lewe is ou Jantjie weer getroud met Oom Willem van Wyk. Hy is skielik oorlede na 22 maande aan 'n trombose. Daarna het Jantjie besluit dat sy na 'n ouetehuis toe gaan trek in Warmbad. Daar was sy op die kommittee van die Senior Burgers. Nooit het jy haar sonder 'n stukkie hekelwerk gesien nie en was sy trots dat sy kon help met bazaars en selfs ander oumense daar kon bystaan en altyd 'errands' gedoen het vir hulle.

Sy het nooit gekla oor haar siekte nie, en tog was sy 'n baie siek mens met die angina en suikersiekte.

Sy was iemand aan wie jy jou diepste leeden geheime kon meedeel.

FRANS JOHAN ARNOLDI (FRANK Oolde 28 Oct 1984)

Die Arnoldi familie het op Naivaha aangekom op 28 Feb 1906

Daar naby Nakuru het hulle, hulle eerste plaas gekoop, en op die plaas is die gemeente Vergenoeg gestig. Ds Louw van Boksburg was daar en het die diens en die stigting waargeneem in 1908. Vandaar is hulle later toe dit stiller word na die Uasin Gishu waar hulle gewoon het tot hulle na die Laikipia distrik getrek het.

Majoor Arnoldi, Oom Frank se vader het op die Legislative Council gedien. Hy was ook saam met menige Afrikaaner oorlog toe en het op 8 Des 1915 gesneuwel.

Oom Frank is bekend vir sy leeuendeel in die onderwys. Dit is deur sy toedoen dat die Rumuruti skool gesluit het en die kinders na die Nakuru skool oorgeplaas is. Die onderwys inspekteur het wel die skool op Rumuruti gesluit en ongeskik verklaar vir gebruik, maar was nie bereid om die Afrikaanse kinders in die Nakuru skool te aanvaar nie. Hulle houding was dat die kinders van Rumuruti agterlik was en dat dit nie goed sou wees as hulle eie kinders met die Boere meng nie. Na groot gesukkel is hulle toe aanvaar en na 'n termyn het die hoof erken dat die Afrikaanse kinders baie beter gedisiplineerd en meer hardwerkend was as die ander. Hulle het oor die algemeen beter gevorder as die ander. Oom Frank was nie bang vir enige amtenaar nie. Selfs die goveneur moes dit ontgeld toe hy nie bereid was om hom 'n onderhoud toe te staan nie. Hierdie deurstettigs vermoen van Oom Frank was goed bekend.

Sy plaas was in die Laikipia distrik geleë naby die meer waar hy sy naam vandaan kry, Olboloso. Hy het met beeste, Merino skape, koring en pyrethrum geboer. Die plaas het hy later in twee gedeel en aan Jofie Joubert en Festus van Blerk verkoop.

Die Boere het oor die algemeen gesukkel en het eers na die depressie begin reg kom. So al het hulle swaar gekry in die depressie was dit die begin van goeie tye. Vir die Engelse was dit die begin van die eiende, baie van hulle het bankrot gespeel en getrek.

Oom Frank het op die Production Board; die Finansiële raad van die K F A ; op die Agricultural Board en op die Nakuru School Board gedien.

Voorwaar 'n mooi lewe en 'n lewe waarvoor nog baie vetel kan word.

000

DAGSE ONS KENIA MENSE-Ds Piet en Betsie Grobler

Die innige en sterk band het deur die jare nie verslyt geraak nie. Dis steeds lekker om van mekaar te hoor en mekaar te sien. Die geleentheid word minder want ons word ook minder.

JOEY STEYN EN BOTHA ENSLIN - hulle trou toe sommer. Hulle verliefdheid was iets om te beny. Hulle bly op Nylstroom in 'n groot huis wat oop staan vir almal wat wil kuier, dis hoekom hulle groot gebou het. Die twee is sommer baie gelukkig. Danie se sy. Ma is nou 'n goeie Dopper, sy dans glad nie meer nie. Hulle hou net "party". Hulle het ook sommer 'n groot familie bygekry en dis lekker om nou weer familie vergaderings te hou. Dalk doop hulle annerjaar by die fontein se saamtrek.

SAAM OUPAS EN OUMAS IN EEN JAAR. Dis nou Hans en Sussie Lemmer vroer van Tanganyika en ds Piet en Betsie Grobler vroer van Eldoret. Ons onthou 1982 die lekker kuier daar aan die voet van berg Meru met Kilimanjaro waar die son opkom. Marianna Lemmer was drie jaar oud en onse Piet 3 weke oud. En laasjaar het ons twee gesinne twee troues beleef en vanjaar twee dope.

So kry ons nou al die tweedegeslag wat in die R S A sal groot word.

Maar dis lekker om te weet...ons het wortels wat van die ewenaar af kom.

ONS WERK STEEDS SAAM - Onthou u vir Barry de Vos wat by die Valle (Thompson's Falls) skoolgehou het? Nouja, hy is nou hoof van die Bosele-skool vir Doves en Blindes naby Groblersdal. Betsie Grobler dien namens die Vroue Unie van Oos Transvaal op die beheerraad en die kontak met Jannet en Barry is gereeld. Hy doen groot werk aan mensontwikkeling en barmhartigheid in die Swart samelewing. Onthou u vir Chris Fourie wat ook by die valle skoolhoof was. Later Dominee geword, sendeling in S W A, en nou 'n pionier van N G Kerk se werk in Frankryk. Hy en By fourie woon al sedert 1977 in Frankryk en die Here sien hulle werk. Hulle adres: 31 Rue Chautemps, 73200 Albertville France.

ONS BUIG BY HULLE GRAFTE - Oom Frank de Lange is in sy 90 ste jaar in Warmbad Rusoord oorlede. Die vorige aand nog het hy in 'n gebedsgroep in hulle kamer voorgedaan. Ons onthou Oom Frank en Tant Sarah as goeie vriende, vroom mense, bruikbaar in die Kerk, Tant Sarah die Federasie tannie. Oom Frank met sy houtwerk, meubels en speelgoed. Oom Sonnie Keese is op 85 jaar in Pretoria oorlede. Op sy begrafnis het Adam van Rensburg mooi dinge gese oor sy gesin, sy sukses as boer, oor hom as mens. Kotie en die kinders was lief vir hom.

HERRIE, EK, EN DIE LEEUWYFIE ONDER DIE WAL - Jim Davis

Waarom een van ons nou 'n leeuwyfie moes skiet weet ek nie. Dit was die jaarlikse safarie in die Masai gebied en die "Prens" en Davies families is weer so saam. Die Masais het die wereld hierlangs kaal gebrand. Die nuwe groei trek groot troppe wild en dit krioel van leeus. Hulle kom saans vir ons by die kamp kuier. As die weer mooi is slaap ek altyd op my ou militere kamp betjie onder die sterre. Ons kampplek het redelik baie duwweeltjies en dus het ek 'n plekkie laat skoon skoffel waar ek my bed kon sit. Sondae jag ons nie, en ek le tot die son my wakker maak. Mammie bring koffie en beskuit en toe ek regop sit sien ek die leeuspoor hier langs my bed in die losgrond, volgens die grote van die spoor was dit 'n mannetjie wat vir my kom kuier het. Die oggend kwes ons 'n leeu, haar blad is af, sy le in 'n sandsloot onder 'n oorhang wal ingekruip. Oom Flip en Pa sit ons jonges aan om klippe bymekaar te maak. Die idee is dat sy sal uitstorm as 'n klip haar tref. Gooibare klippe is maar skaars en die wyfie is goed verskans en ons maak nie hond haar af nie. Die klippe is juis weer op en ons moet nogeens die vlakke in om te soek. Herrie en ek besluit dat klippe nie die leeu daaragter en onder die wal sal uitkry nie. Skote is al geskiet maar ons kan haar nie bygekom nie. Sonder om vir iemand te se (die oumense sou die stuipe gekry het), besluit ons om nader te gaan en haar te skiet. Onder die voorwendsel dat ons oorkant die sloot gaan klippe soek is ons deur die sloot, struik help ons om ongesiens vir Pa hulle tot op die wal bokant die woedende leeu te kom. Sy is baie kwaad want die klippe reen hier naby haar. Voetjie vir voetjie beweeg Herrie en ek nader, dit klink of sy hier onder ons voete brul. Ons sien die stert wat heen en weer swiep, 'n stuk van 'n boud, nog 'n bietjie, die gewears wys al amper regaf. Ons moet oorbuk om die rug te kan tref, en toe klim die leeu hier by ons uit. Oop gesperde bek, brullend, twee skote, en sy val terug in die sloot, mordsdood. Asvaal geskrik staan Herrie en ek daar, die ander kom sangstorm, ook wit geskrik. Pa en Oom Flip smoor kwaad en wil ons net te lyf gaan, "wel die leeu is dood" stamel ons. Ons sleep haar uit en ondersoek haar, maar geen koelgate nie, net die ou skoot sit daar. Dis 'n spottery van die ander wereld - die leeu is aan 'n hartaanval dood - dood geskrik vir ons gevrete. Ek en Herrie kan ook nie verstaan nie, ons het nooit verwag dat die leeu die wal so blitsvinnig sou kon uitkom nie, en wat gebeur het weet ons nie, dit was te vinnig. Ons slag die dier af en daar sit twee koels onder die vel mooi tussen haar skouers, my 7mm en Herrie se .303. Nou is dit ons beurt om te lag, dis nie elke hierjy wat 'n leeu in die keelgat kan opskiet nie.

14
BEMINDE EEN-DAG-BLOM

Miljoene somers smag Gods krag deur my geslag na prag heimlik verberg.
Tog, een dag jaarliks, met die opkom van die son, laat Hy my eensaam blom.
Dan glans my kleure soos koraal; skoner as die praaï wat opaal oortref.
Dis rooi, geel, pers, En beeldryk het my vorm dan uit Gods kunslokaal
gekom.

My tyd is min. Snel ontluik ek. My lewensfunksies word net aan één dag
toevertrou - stamper, stuifmeel, insekbesoek. Ons swoeg nou met moed en
spoed.

Aan my skoonheidsvloed moet voldoen word vóór my sterfte in my Swartste
Nag.

Wee my: Ek sien Gods son een enk'le dag! Vlug skenk Hy krag en lewensbloed

Skaars twaalf uur oud, sterf ek benoud, want soos die nag my sierblom graf
toe streel,

verrot 'n strottedood my prag dieselfde nag geheel, Nuwe lewe
word weer aan my gegewe: My dogterblom sal waarlik kom! Ek juig:
Veel

om dankbaar voor te wees. So, sterwend, bly my gees van verwagting bewe.

In die windgefluister luister ek na die ver gelispel van my kind:
Hemelskoon, soos die serafstoon oor die Lam na hul ewigheid van wag
op die feesdag van Sy koms! Swaar hoor ek Sy kruisklag in die
folterwind,

waardeur ek vrede vind in die wete Gods kind besit opstandingsmag.

Kunsmeesters betreur die verlies van my fraai bruidskat na een
huweliksdag.

Hul beween my kelk klaar in haar bruidsdag verwelk. Wie durf so 'n daad
verbloem?

Dis wreed, onredelik. Hoe kan die natuur soveel goddelike prag oornag
verkrag? Wie die groot Skepping roem, hoe moet hy hom daarmee versoen?

Ai, een-dag-kelk waaruit die son sy goue drank van lewenskoonheid skink,
jy smelt in die moordgloed van die tyd nes 'n wasbeeld deur God self
gegiet,

totaal totniet en tot verbyst'ring van my siel wat van jou skoonheid
drink,

maar moet toekyk hoe jou bruidskrans tot graffrats krimp met skroeiende
verdriet.

So weeklaag alles wat vol verderf moet sterf! Vra wat's lewe? En hoe lank?
Dis tog so kort -- één dag, één jaar, 'n eeu? Het dit sin? En sal ons
herleef?

Bewuste lewe duur tog lank genoeg om God te vind, te dien, te dank...
Lydsame blom, eer jy verstom; leer my jou wonderles om na te streef.

O lied, O lied, o minnegrafsang van my liefeling-blom, wie meet verdriet?
Duisend jaar by God spoed om soos 'n dag verstom, deur soete verblyding:
Een dag sonder Hom sleep soos duisend jaar helse verskiet vol verdriet.
So gemeet, is lewe kort of lank? Stem dit bly? Bring jou sterwe liding?

Jou paar uur prag oortref die tyd van Salomo se luister-heerlikheid.
 Gods ewigheid reis langs dieselfde grootpad van jou saad van blom tot blom
 om, eindeloos en wederom, heimlik saam te leef in die kern van tyd soos
 dit voortsnel deur die ruim, maar nooit verder as Gods wondersentrum kom.

Die Meesterhand het jou plant sentraal geplaas in die meetlose Heelal.
 Elke sentra in Gods wonderspel behou hul eindelose middelpunt en
 swaartesentrum van eweveel belang, trots hul nimmereind getal.
 Ook jou blom en dag dra die beeld en geag van die Meester van die Munt.

Tweeduisendmiljoen ligjare vër skyn 'n ster sentraal geplaas vir sy doel.
 Dieselfde Hand het jou sentraal gesmee net soos die wonderlike see.
 Die see dra lewe. Jy het lewe. Die mens weet dat hy leef. God bly die
 spoel
 waarin die groot Heelal rond woel. Jou stoel loot uit die Hart wat lewe
 gee.

Waarom sal ek dan langer, hartseer, lanfers oor jou lyk kom spreke as ook
 my
 silverkoord¹⁾ aanstons deur die skerpste van 'n sekelmaan verwyder word?
 Die mens se uurglas beef blits leeg as dit bang teen lang ligjare moet
 stry
 wat hom in doodsangs van verre sterre skei sonder draad of skakelbord.

Rus sag, beminde blom, in die liewe aarde waaruit jy jaarliks kom.
 Eendag sal die Ewige dit wat lewe is, klaar aan ons openbaar.
 Geen skoksterwe met vuil bederwe kan jou vlamblom in Sy heiligdom ooit
 blus nie. Mens en engel sal hulle wonderlik rondom jou kom skaar.

Dan sal jy ewig saadloos²⁾ en heerlik soos eindskeppings voor Hom kom
 om, soos die staf van Aaron, sonder water of wortels voort te bloei.
 Jy sal, soos die doringbos, tydloos gloei as ewigheidssimbool. En stom,
 soos Gods nuwe Skeppings, die Lam aanskou wat wonders bou en weer laat
 groei.

Jy, een-dag-minste-en-geringste, sal in 'n goue vaas hoog pryke
 langs goue kandelare op goue altare in Gods heiligdom.
 Soos die gelate ster, miljoene eeue ver, het jy jou beeld laat blyk,
 gedienstig soos die Lam wat in die Groot Heelal ook as jou Koning kom.

Ek vra nie meer wat lewe is; gewis nie meer die stand van tyd-'n-ruim
 God spreek tog skoner deur Sy Blom³⁾ as deur stom sterre buite my besin:
 Soos die Gasa reisiger⁴⁾ met Jesaja op sy skoot, sal ek bloot versuim,
 totdat die Gees eendag deur my blom sal toon hoe wat ewig is begin.

Voetnote

1) Prediker 12 v 6. Daar is vromes wat glo ons vertalers se silverdraad is
 'n soort "elastiese" silverkoord wat die vertekkende siel nog aan die
 sterwende liggaam heg, maar mettertyd verwyder word wanneer dit te dun
 raak om alger te fungeer. Dan tree die dood in.

2) Aan die anderkant is geen voortplanting nie.

3) die Messias.

4) Handeling 8 v12. Die hofdienaar van Kandace.

DOM FRANK DE LANGE 1925 - 1965

In 1924 kry ek 'n antwoord op my navraag aan die K A R & H. Die Voorwaardes van 'n aanstelling by hulle het ek goed gevind en dus was ek op 20 Des 1920 op pad Kenia toe op die Adolf Woerman wat uit die hawe van Lourence Marques vertrek het. Die reis het 11 dae geneem. Ons het by al die hawens aangedoen, Beira; Punda Malla; Dar es Salaam; Zanzibar; Tanga en toe Mombasa op 2 Januarie 1926. Vandaar die volgende dag om 12h00 trein gevat Nairobi toe. Die reis het 24 uur geduur. Daar was drie keer se stilhou vir etes; 30 min by Samburu; 45 min by Voi, en 45 min by Cue. Op Nairobi het die personeel klerk van die meganiese afdeling, Galbitt my ontmoet. Hy het my na die Savoy hotel geneem waar ek gebly het tot 'n spoorweg huis beskikbaar was.

Ek het hier op die spoorwee begin as eersteklas drywer teen 25 pond per maand en 12s 6d per 100 myl. Teen destydse snelhede kon mens maar so 1500 tot 2000 myl per maand doen. Dus kon ons so 20 tot 25 pond per maand kry. Die rooster was so dat ek tussen Soni aties en Athirivier kon stilhou en 'n wildsbok skiet, en nog betyds by die volgende stasie kom. Die vlakke het gewemel van die wild. Ons het die G D enjin gery wat met hout gestook was, maar later het ons groter enjins gekry en toe ook 15shs per 100 myl gekry.

Die algemeene bestuurder was ook 'n Suid-Afrikaaner, Cornelius Felling. Sy versoek aan die Home Office in Londen was dat die jaarlikse aanvulling van drywers die helfte uit Suid Afrika moes kom, dis hoe ek daar geland het.

Ek was die eerste Suid-Afrikaanse drywer op Nairobi. Daar was ook 8 Suid Afrikaanse seuns wat werk gekry het as stokers deur die aanbeveeling van Ds Loubser. My Superintendent was Mnr Helliwell, ons het goed oor die weg gekom. Dit het by my 'n obsessie geword om die treine vinniger te laat loop. Uiteindelik kon ons die passasiers trein se tyd van Mombasa na Nairobi afbring van 24 uur tot 16 uur en 20 min.

Die enjin klas was die G D 48 met 'n ketel druk van 180 pond per vierkante duim, met swaarder vrag moes ons meer druk opbou. Later het ons 200 pond per vierkante duim druk gebruik om nog groter vragte te dra.

In die jare 1927 tot 1930 het ons van Suid Afrika gekry S Oberholzer; P de Vries; G Farr; J Tibbet en J O'Connell, o ja! en J Botha. Daar was ook in die dertiger jare van die seuns uit Kenya bevorder tot drywers. F McDonald F van Dyk; R Randal; T Randal; J Viljoen; A de Beer; J Parker; en L McKenzie.

Die laaste masjiene waarmee ek gewerk het was die Garratt 4 8 4, met ketel drukte van 220 pond.

In Maart 1946 tree ek uit die diens en kom ek na Suid Afrika na 'n plaas wat ek en my vrou geerf het. Ons was nie gelukkig nie, die reën was skaars en boerdery wou net nie vorder nie, dus is ons toe in 1951 weer terug Kenia toe, en daar het ons 'n plasie van 816 akker gekoop net buite Eldoret en weer begin boer met baie meer sukses. In April 1963 toe Uhuru kom besluit ons om terug te kom na Suid Afrika.



AGRICULTURE OF THE DJAGGA PEOPLE.

During my visit to our former coffee-plantation at Engare Nairobi, West Kilimanjaro, I visited Abdallah bin Idi, son of our "msimamisi" of bygone days. When I sat with him on his doorstep, sipping a freshly brewed "pombe" he exclaimed: "All this (his achievements in becoming a small farmer and running a "duka" for the requirements of the neighbourhood) I have learned from your father. He showed me how to till the soil, how to tend the seedlings and how to plant them. He showed me how to combat pests and how to harvest and process the crops. For this I am ever thankful."

It has become apparent that the Djagga People who live on the slopes of Mount Kilimanjaro have progressed considerably. Originally Banana-growers, they have not rested on their laurels, but have created well tended "shambas", where they practice mixed farming. One can see peas and beans planted beneath coffee-shrubs, and between these there are rows of maize. Bananas surround the houses, many of them built of bricks and covered with corrugated iron, replacing the formerly pointed grass houses now being used to shelter cattle and goats. The animals are fed with hay and freshly cut grass. If the house is situated at the wayside, a store and counter are often incorporated so that the owner can trade and sell farm produce direct to the consumer. The enterprising farmers have formed their own Co-operative societies which has its own office building in the District Headquarters in Moshi. I also noticed their carefully designed watering system, with a network of furrows, joined by hollow Banana trunk pipes, thus making good use of the water flowing from the forrests off the slopes of Kilimanjaro in such abundance. Progress is also apparent in their handicraft. The Djagga People show pride in their achievements, and in contrast to societies of the Coastal region they have gained self-respect and confidence through their association with Church and Religion.

The South of Tanzania on the other hand has not progressed to the same extent as a result of the lack of development of the region by the former colonial administration. As there was no railway, commerce and farming developed slowly and the population did not readily respond to the teachings of missionaries and craftsmen. These people live in poverty and resentment is apparent. But even here the colonial administration has planted the seeds of hope, in the form of the universal tongue being adopted by missionary and government schools; Swahili has become a unifying force for all the people of Tanzania, and within this framework I see a beneficial contribution to the future of the country.

Herman Landgrebe, P O Box 44094, LINDEN 2104



Afrikaners se laaste ossewatrek

DIE KERKBLAD
WOENSDAG 3 MAART 1982

Deur „Viedas“

KERK OP DIE WIT HOOGLANDE (2)

Die laaste keer wat Afrikaners met hulle waens en osse tot diep in die binnelande van Afrika getrek het — selfs tot oor die ewenaar — was aan die begin van hierdie eeu. Hulle spore (en grafte!) lê in Zambië, in Tansanië, in Kenia . . . Die Boer van Afrika het selfs tot in Zaïr (destyds Belgiese Kongo) getrek — lidmate van die Gereformeerde Kerk. Hulle het selfs die oseaan oorgesteek na Argentinië. In Angola het hulle 'n kerk gevestig . . .

Die digter Totius het ontroerd geraak oor hierdie grootse daad van die Afrikaner:

„Die trek van Boerewaens
wat wentel deur die wye,
gevreese doodsvalleie
en ander skatte dra:
die heil'ge Boek as leider,
die swaard as hul beyryder;
in wildheid eindeloos
'n moeder met haar kroos;
hoog-voor die vryheidshoop,
en . . . Afrika gaan oop . . .”

En wie het hulle kerk daar op die Wit Hooglande van Kenia gebring? Wie is dit wat vir die eerste keer aan die begin van hierdie eeu die Psalms daar op die vrugbare pragtige Uasin Gishu — daardie stuk hoëveld van Afrikaners gesing het? Dit was eers die enkelinge wat daar opgedaag het en die eerste lidmaat van die Gereformeerde Kerk was waarskynlik Petrus Johannes van Dyk wat alreeds in 1904 by Arusha in Tansanië opgedaag het. Hy het saam met die Von Landsberg trek gekom.

Maar pas in die volgende jaar (1905) het die grootste aantal Gereformeerdes met die Abraham Joubert-trek in Midde-Afrika opgedaag.

Die geskiedenis van hierdie Abraham Joubert-trek is 'n aangrypende spanningvolle verhaal. Langs hierdie veelbewoë trekkpad lê die eerste spore van

'n kerk wat sou ontstaan. Byna was daardie moeisame trek met al sy lief en leed vir ons vandag verlore, maar hier duik dit nou vir die eerste keer weer op in Die Kerkblad:

Abraham Joubert was die man wat saam met sy vrou Truia sy plaas in 1905 in die Middelburg-distrik, Transvaal, verlaat het. Sy vader Josua Adrian Joubert was 'n man wat nog in die slag van Bloedrivier deelgeneem het en een van die stigters van die Gereformeerde Kerk in 1859. Saam met Abraham Joubert het ook nog die familië Martiens Prinsloo (sy skoonseun) Willem Engelbrecht, twee De Beer-families en Jan Viljoen getrek.

Daar was ook nog die huisgesinne van Danie Erasmus, Johannes Botha, Kofie Botha en H. F. P. van der Merwe.

In Junie 1905 verlaat hulle die koue Transvaalse hoëveld by Middelburg per trein na Lorenzo Marques (die huidige Maputu). Vandaar gaan die geselskap per skip langs die ooskus na Tanga, 'n destydse hawe van die huidige Tansanië.

Wat was die eintlike rede vir hierdie trek weg uit hulle vaderland? Daar was baie faktore. Sommige sê dit was die trekgees van die Afrikaner. Maar eintlik was dit mense wat met die Tweede Vryheidsoorlog en nog voor dit met die runderpes van 1896 stofflik geruïneer was.

Die „Sultan“

Die skip was die Sultan. 'n Groot ellende het gewag. 'n Epidemie of soos hulle gesê het, 'n pes het op die boot uitgebreek. Dissipline ruk handuit. Abraham Joubert en sy mense word in 'n groot lokaal saam met Indiërs gehuisves. Daarby moes hulle ook aanhoude die snedige opmerkings van 'n Engelse predikant verduur wat telkens gepraat het van „the bloody Dutch people“. Tant Truia, gesout in die konsentrasiekamp van die oorlog laat egter nie op haar wag nie en op 'n dag het sy in die volle publiek die waarheid vir hom vertel en watter „gemene mense“ die Engelse was.

Op Tanga gaan Martiens Prinsloo aan wal met die enigste twee perde wat hulle saamgeneem het. Die plan was dat hy moes koers kies in die rigting van Kilimanjaro en in daardie wereld osse probeer kry. Dit sou hy dan na die stasie Voi in Kenia bring nadat die res van die trek by Mombassa geland het.

Intussen het dinge op die skip ernstige afmetings begin aanneem. Van die Indiërs begin sterf van die epidemie. 'n Ander een word sommer koelbloedig deur 'n Engelsman doodgeskiet.

Eindelik kon die Abraham Joubert-trek met hulle waens by Mombassa afgelaai word. Hulle wag vyf dae lank vir 'n trein na Voi en daar aangekom moes hulle nog sestien dae vir Martiens Prinsloo en die osse wag.

Die eerste grafte

En toe begin die ellendes op die trekkpad suidwaarts na Kilimanjaro. Voedseltekort en 'n legio ontberings — siektes, koors, dors en kinders wat huil! By Tawetta kry hulle water. Daar word die eerste kind op die trekkpad gebore — die kindjie van Matthys de Beer. Maar na 'n paar dae moes hulle weer 'n graffie vir dieselfde kind grawe.

Dan gaan dit maar weer berg-op en berg-af, deur woeste veld, deur woude, deur riviere en koue in die hart van Afrika waar nog geen beskawing was nie.

Naby Kilimanjaro sak die ellendes behoorlik toe. Hulle land in 'n Malaria-streek en baie goue lê byna almal plat. Op 'n Saterdagmôre sterf Judik de Beer en Sondagmôre haar seuntjie van tien jaar en Sondag nag haar baba. Aldrie word in dieselfde graf begrawe — eersteling van baie Afrikaners wie se grafte vandag onder die bosse en op eensame viaktes van Midde-Afrika lê.

'n Vrou dryf die osse

Sukkel-sukkel gaan die trek voort. Truia Joubert neem naderhand die sweep om die osse te dryf. Weens die koors beweeg hulle net in die voormiddag want teen eifuur vat die Malaria met 'n geweldige koue-koors en dan

verander die laer in 'n hospitaal. By die plek Moshi kon hulle gelukkig Kinapille, kasterolie en brandewyn kry.

En toe is dit weer die sandvlooie, die sogenaamde „doedoes” wat moeite gegee het. Hulle vreet eenvoudig onder toon- en vingernaels in.

Wat was die ellendes van hierdie Abraham Joubert-trek tog groot! Dit was die lydingspad van hierdie eerste klompie Gereformeerdes in Midde-Afrika. Hulle geloof is tot die uiterste toe beproef.

Eindelik bereik hulle die plek Meru waar hulle die mense van die Von Landsberg-trek ontmoet. Hier het ds. A. P. Burger van die Nederduits Gereformeerde Kerk hulle besoek en daar stig hy op 30 September 1905 'n gemeente op die plaas Welgemoed. Hier het sommige van die Abraham Joubert-trek dadelik by die N.G. Kerk aangesluit, maar die meeste gesinne van die Gereformeerde Kerk het alhoewel hulle baie simpatiek gestaan het tog verkies om as dit later moontlik sou wees, 'n eie gemeente te hê. Jan de Beer se gesin was van die Hervormde Kerk.

Abraham Joubert en sy familie waaronder ook sy skoonseun Martinus Prinsloo en sy gesin kon egter nie hulle voete in Tansanië vind nie. Sy kop het na 'n saaiwêreld toe gestaan. Hy het verlang na grond soos in Oos-Transvaal. En dit was alleen in die westelike streke van Kenia — die Wit Hooglande!

Met esels deur leeuwewêreld

En toe is dit maar weer noordwaarts trek. By Longidoberg voeg Willie Van Aardt en sy familie hulle ook by Abraham Joubert. Hy was 'n ou inwoner van Ermelo se wêreld. En toe word daar 'n besluit geneem dat Abraham Joubert en Willie van Aardt eers alleen na Nairobi die hoofstad van Kenia sou gaan om aldaar verlot van die Britse Kommissaris te kry om oor die grens van die gebied te trek.

En wat 'n ontsettende tog! In ses dae se tyd trek die twee met esels van lig tot donker oor 'n afstand van 400 km. Sonder 'n kaart en sonder kompas moes hulle soms deur oerwoude en die grootste gevare. Dit was leeuwewêreld (vergelyk die boek „The man-eaters of Tsavo”).

Noodleuen of Joodleuen?

In Nairobi word die verlot eers gegee, maar toe per brief na hulle hotel weer teruggetrek! Die Jood, eienaar van die hotel, 'n man wat ook uit Suid-Afrika kom en die Boere goedgesind is, reël dat die brief „per abuis” te laat by die hotel aangekom het — Joubert en Van Aardt was al weg! Was dit 'n „noodleuen” of 'n „Jood-leuen”?

En tog volg weer eens 'n vermoedende reis terug na die kamp in Tansanië. En toe weer die hele trek na Nairobi — ontsettend ontberend.

By Nairobi wag daar groot moeielikheid. Die veearts wil sommer al die beeste voor die voet doodskiet maar Boer se kind laat hom nie so maklik uit die weg ruim nie. Abraham Joubert hou aan om te praat en kom selfs by die hoogste outoriteite uit. Toe kon hulle

darein 'n maand lank onder kwarantynêrens buite Nairobi uitkamp. Uit Suid-Afrika daag gelukkig R600 op (vir daardie tyd nogal 'n mooi bedrag). Joubert doen selfs bouwerk vir 'n Indiër en die pot word aan die kook gehou en die beeste kan voer kry.


Hierna trek hulle nog noordwaarts en slaan kamp op in die ongetemde wêreld tussen die Athi- en Stonyriwiere. Intussen gaan Abraham Joubert eers vir 'n slag terug na Transvaal om sy plaas te verkoop en bring ook die families van Piet Potgieter, Piet Kruger, Gert Snyman en Flip Steenkamp saam met hom — almal huisgesinne van die Gereformeerde Kerk uit Oos-Transvaal se wêreld.

Na die „Verbrande Bos”

Nou is daar maar net een koers: Voorwaarts na die toekoms in 'n nuwe land. Hulle verlang na 'n plek waar hulle kan werk en leef. En hulle verlang ook daarna om daar in die vreemde 'n kerk te hê. Dit sou later baie duidelik uit die briewe van Piet Potgieter aan ds. Petrus Postma van Heidelberg blyk.

En toe het Abraham Joubert die wêreld in die weste, op die hooglande van die Uasin Gishu gaan verken. Daar het hy met die familie van Martiens Prinsloo finaal sy ankers gegooi op plaas nommer 1, „Verbrande Bos”. Dit was op 28 Junie 1909 — reeds nadat nog 'n „groot trek”, dié van Jan Janse van Rensburg in daardie wêreld aangeland het.

Dit was ook 'n maand voor die stigting van die eerste Gereformeerde Kerk op 13 Augustus 1909.



Helderbergweg 15,
Somerset-Wes.
Augustus 1985.

My Beste Neef,

Na jou wens sal ek verder probeer vertel van skooltyd in Kenya. (Nou dat ek 'Kenya' skryf, onthou jy nog die B.E.A. wat ook agterna gekom het op die brief wat jy elke Vrydag huistoe moes skryf.) In ieder geval, om en by 1957-58, selfs ek kan nie meer onthou nie, het die Highland School 'n meisieskool geword en moes almal na die Hill School toe. Vir die meeste was dit 'n teken dat die oordeelsdag nou uiteindelik aangebreek het met die pes, in die vorm van die Engelsman, wat vry oor meer as net die waters van die aarde beweeg. Later sou ons natuurlik uitvind dat dit die een trek was wat duidelik tot ons voordeel was, maar aan die begin het ons baie anders daarvoor gevoel. Toe dit uiteindelik blyk dat dit 'n uitgemaakte saak was dat ons die ou Highlands se rooi en geel gestrepte das sou moes afhaal en die Skotse leeu op ons wapen moes vaarwel roep, het die oorlogsplanne begin. Soos dit maar in 'n skool gaan is daar oor en oor beplan, besin en bespiegel hoe ons die Pukka Souties sou gaan opvoeter.

Die eerste jaar in die Hill School was ek nie in die koshuis nie (het by Tant Anna Booysen loseer) met die gevolg dat ek jou nie veel van die groot veldslae kan vertel nie - na elke naweek was daar wel gewoonlik genoeg gewonde vegters om van die groot stryd te getuig. Blykbaar was jou neef, Angus McNaughton, een van die groot veldhere aan Highlands se kant. Die spektakel laat 'n mens nogal aan die Romeine en Germane dink met die arme beskaafde Engelse wat seker nie mooi geweet het wat se barbaarse Germane hulle koningkryk binnegeval het nie. Soos alle oorloë het die een ook tot einde gekom en het ons die Hill School leer liefkry. Ek moet darem net ook sê dat nie al die ridders so maklik die strydbyl begrawe het nie en ek kan goed onthou hoe Andries van As, so laat as 1960, op 'n dag bo van die balkon in Blok 6 met 'n pyl en boog op 'n paar niksvermoedende Engelse aangelê het. Daarby moet jy darem ook weet dat ou Andries maar een van sy soort was en 'n mens wonder soms wat uiteindelik van hom geword het.

Die onderwysers, met Mr Brindley as hoof, was 'n heel gemengde klomp. Ek onthou die Mr Brindley altyd aan sy lastige swart doberman en 'n mooi langbeen dogter. Die visiehoof was Mr Lamb, klein en vuurig met 'n sterk Engelse-werkerstand aksent op die tong. Ook was daar Mr Corbett - 'n groot, stadige, sedige, rooi-gesig vrygesel. Die ou het goed gepas in sy kolossale donkerblou motor; ek dink dit was 'n Bentley wat eers aan oom Gideon Erasmus behoort het. Op 'n keer het hy sy oog op Miss Andrews gehad, so 'n skraal vinnige sproetgesig juffer. Dit moes ook seker maar moeilik gewees het om te vry met ses-honderd nuuskierige agies om jou. En wie sal Mrs Loader ooit vergeet, 'n goed-gesette Skotse tannie met 'n humeur en stem wat haar postuur goed aangevul het. Op 'n dag het sy my byna dood gegooi met 'n swartbord wissel, en net omdat ek omgekyk het na die ou agter my. Ek dink nie dat ek verkeerd is as ek sê dat almal vir haar net so lief was as wat hulle vir haar bang was nie. Nog iemand wat baie sal onthou was Mrs Barber, met 'n humeur nie veel kort op Mrs Loader se hakke nie. Afgesien van skoolwerk onthou 'n mens haar ook as hoof tuinmaker van die skool. Daar het natuurlik 'n paar heel besondere figure ook opgedaag. Die een ou was jare lank in 'n Duitse konsentrasiekamp met die gevolg dat sy senuwees veel te wense oorgelaat het. Op 'n dag word

daar toe aangekondig dat almal wat belangstel om te leer "fence" moet die middag by die een of ander plek aanmeld. Min te se dat ons plaasjapies (trouens "japies" was die bynaam wat die Engelse ons gegee het) dink toe dat die Engelse nou heeltemal gek word om ons te wil leer draadspan en vir die grap sit 'n klomp van ons toe af om die petalje te gaan bekyk. Groot was ons verbasing toe die konsentrasiekamp-kerel met 'n sifdraadding oor die kop en stomppunt swaard in die hand van swaardvegtery begin praat. Voordat ek van van die onderwysers vertrek wil ek jou as latswaaier darem ook net se dat jy nooit moet dink dat 'n skoolkind te jonk is om die metodiek van die wetenskap goed te kan verstaan en beoeffen nie - die probleem moet net aan hom in die vorm van 'n uitdaging gestel word. Op 'n dag kom daar 'n nuwe juffrou aan en nie lank nie loop die storie dat sy nie juis lief is vir onderklere dra nie. Die metodiek wat toe ingespan is om die teorie verkeerd te bewys sal nog 'n hele vertelling verg.

Dink ek terug aan al die gesigte met hulle name, nukke, siele (en nou bedoel ek nie die siele waaroor die predikante so bekommerd is nie); wat hulle gedoen het of juis nie gedoen het nie; saam met wie jy hulle gewoonlik gesien het; waar jy hulle gewoonlik speelyd kon gaan soek, ensomeer, dan is daar voor my 'n groot aanhoudend-bewegende kaleideskoop van herinneringe. Moet ek 'n paar name opnoem? Die beste wat ek kan doen is om die geheuedolos te gooi en te sien wat uitval. Voor ek daarby kom wil ek jou eers vra of jy ook gevind het dat jy sekere plekke glashelder kan onthou? En dan is dit gewoonlik nie eers plekke wat 'n belangrike rol in jou lewe gespeel het nie. So onthou ek altyd 'n besondere draai op pad na julle plaas op Patatadraai. As jy die hoogte anderkant die Hervormde kerk uit is (aan jou linkerkant het die Somalis se blikkiesdorp die vlakte vol gelê) en so langs die "Aerodrome" af is dan het jy eers 'n draai na regs gekry en dan weer 'n ent verder af. Kry jy 'n swartwattelbos aan jou linkerkant en dan weer so 'n skerp draai na regs. Nou ja, daardie draai spook in my kop - en moet ook tog nie vra waarom nie - geen sielkundeboek het ek nog gekry wat se hoekom jy nou juis sulke beelde so goed kan onthou en ander meer bekende plekke is net weg al wil jy hulle ook hoe graag onthou. Met name is dit net dieselfde. Hoekom draai die naam Hardus Roets nou al die heelyd, vandat ek hier begin tik het, deur my kop? Maar kom ons skud nog name uit, Keith Poppleton; Mars van Rensburg; Louis Nel (van hulle was daar 'n hele paar); Peter Rhodes-Jones en sy meisie Pat Jorgenson (kan iemand my se waar hulle heen is en of hulle toe ooit getrou het); Martiens Enslin (van hulle was daar drie uitgawes - Vuil Martiens, Maer Martiens en Koeba); Elsa Barnard en haar broer Stephen; Peter Vasey (wat op 'n goeie Saterdagmiddag al Mr Purdey se melkbottels stukkend gegooi het); die Tweedies; en so, en so.

Maak jou oë toe en reis terug na enige weeksoggend, kom ons se maar so om en by 1959, en voor jou sien jy 'n teerpad wat afloop van die groot watertoring in die rigting van Mr Brindley se huis. Die teerpad is vol kinders, die meisies se rokke en die seuns se hemde is 'n fyn geruite blou materiaal, die seuns se broeke is grys en so ook almal se kouse, en dan het almal natuurlik hoedens op want Kenya se son was nie net 'n ornament nie. Kyk mooi, miskien is daar selfs iemand wat jy nog ken. Kyk weer, daar kom ewe skielik 'n beroering onder hulle want sien dit is Vrydag, iemand het die klok begin slaan (en ek bedoel "slaan" want sien die klok was 'n afgesaagde stuk spoorstaaf wat jy moes voeter), "longbreak" is verby, en dit is tyd vir Ds. Mans se weeklikse godsdiensklas.

Groete,

DAN STEYN

KEIL, PAMUZIKA KIDOGO -

Ja, sit so 'n bietjie en rus, dan gesels ons weer oor die ou dae. Hoeveel van die oues van die ou dae bly oor, 'n handjie vol, en gaan die ou stories en gesegdes verby. Lyk my net ek het die vrymoedigheid, of miskien vermetelheid om daaroor te skrywe. Soos ek gese het, min van die oues bly oor, dus ook nie so baie wat kan sê, ou maat nou lieg jy darem, "bahati kidogo". Maar waarom sou ek lieg.

Maar die tyd gaan verby, en so stadig word die sluier toe getrek oor die herinneringe van Kenya en sy mense en oor 'n paar jaar as die "zip" eers vas is dan is Kenya ook maar nog net 'n naam, iets van die verlede, wat miskien so hier en daar deur die jonges wat saam gekom het onthou sal word, maar van nostalgiese hereinneringe sal daar nie meer wees nie.

Jammer tog dat ander nie ook skryf nie, van Nanyuki, Thompson's Falls en ander plekke waar daar ook so baie gebeur het, vol humor maar ook vol sweet en tranes. Dus skryf ek maar weer vir Habari 1985. Daarna, "sidjui".

Maar wat het ons Boere, (ek noem ons maar so, want so was ons bekend in ons aangenome en vir baie geboorteland) verrig. En wat bly oor? Oor wat ons verrig het kan somer baie geskryf en gesê word, maar van wat oorbly, wat ons agter gelaat het, moet elkeen maar self die antwoord vind. Ongetwyfeld die sending, wat oorgeneem is en nog uitbrei tot die verste hoeke van Kenya. Ja, die Woord van God se bekendstelling, deur ons sending begin, gaan nog aan. En wat kon ons meer agter gelaat het of verlang het.

Ons Boere het ons identiteit as Afrikaaners behou maar tenminste meeste van ons was goeie burgers van die land, en as Britse onderdane kon niks teen ons gesê word nie. Ons was deur die overhede gerespekteer, en onder die ander mense, wit en swart, baie gewild. Soveel so dat op een stadium ons meer Afrikaans as Engelspreekendes op die Distriksraad was. So het ons op Landraad, Hospitaalraad, Skoolraad en ander liggame gedien - onder andere The Agricultural Production Committee. 'n Liggaam wat saai en beesboerdery beheer het. Die lede het bestaan uit mense wat deur die landbouers self gekies is, en wat die landbou beheer het. Begin elke jaar is vorms deur elke saai-boer ingestuur, bestaande uit die "A" vorm en die "B" vorm. Op die A Vorm het die boer sy saai-program vir die jaar ingevul en na sy komitee gestuur vir goedkeuring. Op hierdie vorm is deur die regering 'n waarborg gegee gelykstaande aan die bedrag wat dit kos om 'n akker graan in te sit. Dus as daar 'n algehele of gedeeltelike misoes is, het die regering die verskil aan die boer uitbetaal om hom so instaat te stel om weer volgende jaar te kan plant. Op die B vorm kon die boer 'n voorskot kry vir kunsmis, brandstof en masjienerie. Ongelukkig nie drank nie!

Op die Wetgewende Raad, (Legislative Council) het Mnr W A C Bouwer vir 'n aantal jare gedien. Dit was algemeen aanvaar dat hy die enigste Afrikaaner was wat daar gedien het, maar vroer jare was daar 'n Mnr Piet Joubert. Hy het in of naby Nairobi gebly. Ongelukkig soos dit met die hedendaagse jeungmense gaan het ek meeste omtrent hom vergeet. Maar daar was 'n ander een wat so in die twintiger jare homself verkiesbaar gestel het. Hy het in die Norfolk Hotel tuis gegaan en sou die volgende dag in Nairobi 'n vergadering vertel van sy onoortreflike eienskappe, maar ongelukkig die aand voor die vergadering het hy sjokolade gegeurde lekkergoed gekoop,

sulke dun plattes met die naam van Brooklax, nie 'n slegte smaak nie, maar erger as kasterolie of engelsesout. Hoeveel van die skyfies hy verorber het weet ek nie, maar die anderdag môre stap hy van die Norfolk af om sy sê te sê. Die Norfolk is omtrent so twee of twee en 'n half myl van die saal waar hy sy verkiesingstoespraak sou lewer. By die Coryndon Museum verby maar voor mens daar kom aan die regterhand 'n paar rye blougom bome en langsaan mielielandjies van Kikuyumaide. Nouja toe hy omtrent regoor hierdie landjies was waar die meide besig was met skoffel, toe sê die brooklax, vergadering of te noot hier is ek en ek laat nie op my wag nie. Die nood was groot en enigste raad blougom bome toe. Vir die meide sê "kwenda" (trap). Die meide sê net "twei, twei" en sit loop met hulle pikke. Snaaks tog dat 'n klein stukkie brooklax mens se ambisies so kan belemmer, en wie weet die beloop van die geskiedenis kon verander.

Soos maar orals in die Britse Empaaler gegaan het, kom die Prins van Wallis om die onderdane te wys hoe lyk hy en om die Britse kroon te verteenwoordig. Hy was die aand op Kitale en sou die volgende môre so sewe uur by Eldoret met die trein aankom, waar die skoolkinders met vlaggies hom ingewag het, 'n horde wit en swart mense. Die trein was wel sewe uur daar maar die prins kom nie. Wag, wag, wag, in die warm son. Eiendelik (of eindelooslik soos Flip Prinsloo altyd gese het) kom so slinger slinger, onseker en met vuil Khaki klere wat hy in geslaap het by die mense verby. "Ocheil" sê die outas, lyk Royalty so?

Spekskieters het ons 'n redelike lotjie gehaad. Die mees bekende met die naam van Lewies. Hy vertel dat hy gaan buffels jag het en een kwes. Hy volg die buffel die ruigtes in, die buffel storm hom en slaan sy rug mors af met sy horings, dat sy rug agteroor val en dat sy kop op die grond sleep, so moes hy dan aansukkel kamp toe, sy kopvel het deur gesleep op die grond. Almal wat iets vertel wat bra onwaar klink is gegroet met, Lewies. So het ons dan oubaas Welmans gehad. 'n Ou propekteerder. Hy en sy familie het 'n jaar by ons op die plaas gebly. Hy het meer vir die grap vertel. So vertel hy dat hy 'n "pointer" hond (seker nie punter in Afrikaans nie) gehaad het, ja 'n goeie hond. Eendag vlieg 'n patrys op, hy skiet die patrys wat in 'n baie ruie deel val. Hy stuur die hond in om die patrys te gaan haal, maar die hond bly weg. Moeg geroep en gesoek gaan hy huistoe. 'n Jaar later kom hy weer by daardie plek en kry die geraamte van die hond waar hy nog so styf staan en wys na die geraamte van die patrys. Op 'n ander dag loop hy langs die Nzoia rivier. Hy het 'n ou Martini Henry geweer en net een partoon en baie honger. Hy gewaar toe 'n Rietbok aan die anderkant van die rivier, lê mooi aan en trek die skoot af net toe 'n krokodil sy kop uitsteek, hy skiet die krokodil deur die kop, die Rietbok dood en die geweer skop hom dat hy terug stuijter en so tien tree terug 'n patrys doodval wat sit en broei.

Op die waterraad het ek 18 jaar gedien. Twee swartes wat hulle areas moes verteenwoordig was saam op die raad. Een van hulle die bekende "Chief" Willie Chirochir, wat so baie kon praat, maar in daardie agtien jaar het die twee nooit iets by enige waterraadvergadering gesê nie, net hulle reistoelae vorms ingevul en ingegeef.

'n Bekende figuur was die Sultan van Zanzibar, Sir Ali bin Salim. Hy het 'n tien myl kus strook langs die kus van Kenia besit. 'n Baie goeie en gewilde man, wat ook 'n baie mooi stuk grond aan die kus by Mombasa vir 'n

vakansie oord vir blanke kinders geskenk. Langa die kus was baie Arabiere wat altyd baie behulpzaam was en wat jy kon vertrou. Een van hulle die bekende Mahomed Ali, by Kikambala. Hom kon jy maar altyd vra waar as jy iemand soek vir sekere werke ens. Nooit het hy jou teleurgestel nie. Die Arabiere was mense van integriteit.

Een van ons mees bekende figure was die ou Lord Delamere wie se standbeeld in Delamere Avenue in Nairobi gestaan het. Hy het baie vir die Settlaars gedoen, so byvoorbeeld wou hy eendag by die British High Commissioner (hulle was destyds in beheer van sake, d.w.s. die regeerders) 'n vergunning vir die Settlaars hê wat toe geweiër is. Die ou lotjie was destyds in 'n lang sink gebou op sader pale, gehulaves. Toe hulle weiër kom hy die volgende dag daar aan met so honderd Masai morans (vegters) met hulle lang asgaaië en omsingel die gebou. Hy reik toe 'n ultimatum aan hulle uit - of hulle gee gehoor aan wat hy will hê of hy brand die plek af. Toe hulle nog weiër sê hy vir die Masai bring takke en gras en pak die gebou toe. So gesê so gedaan - maar toe hy kom om die lotjie aan die brand te steek toe kry hy wat hy voor gevra het.

Kol E. Grogan was 'n ander bekende figuur, wat beroemdheid verwerf het met sy voet stap van die Kaap tot in Kairo, alles in sy boek "From Cape to Cairo" opgeteken. Dit alles omdat sy nooit gesê het sy sal met hom trou as hy die ent loop. Hy het oor 'n uitstekende woordeskat beskik, baie anti-Koelie, en toe die eerste Indiërskool in Nairobi geopen is, kom hy toevallig daar verby, ek haal sy woorde aan, "there it stands, spewing forth the spawn of satan." Hy het baie belange in Kenia gehad. Saagmeulens en sisal plantasies. So het hy dan vroeg in die eeu die konsessie op die Elgeyo bos gehad, dit het van Kamorin suidwaarts gestrek. Hy het hierdie bos nooit ge-eksloiteer nie. Toe Kenya Uhuru kry het hy die opsie opgesê en het die bos weer die eiendom van die staat geword. Die begin 1964 moes ek op besigheid Kamorin toe en kom toe met 'n kort pad deur die bos terug. Die hele bos was afgekap en verbrand om sulke klein landjies mielies te plant. Daar het die pragtige geelhout, sader, bitter amandel, eisterhout en olien stompe gele, geskroei en miljoene ponde se hout vernietig vir 'n paar sakke mielies. Ek was maar baie treurig en bedruk.

In die ou dae het ons 'n slagter met die naam Frith gehad. Die vandusie afslaer was Tubby Garland, albei so vyf voet tien duim lank met tamaaië, en as ek se tamaai dan was dit tamaai mage. "Tumbu" soos die outas hulle genoem het. Ek glo net Honibal sou hulle kon teken. Goie vriende, maar eendag in die kroeg kry die twee mos stry en vleig mekaar by. Maar o wee, met die tamaai pense kon hulle nie mekaar behoorlik by kry nie. Een skreeu en stamp met die pens, en dis die dat ons twee vriende hande agter die rug sit en mekaar so boemps, boemps stamp, terwyl weddenskappe geneem word. Gelukkig het nie een van die twee "gepunctuur" nie. Ek dink ou Tubby Garland het ou Firth gestamp dat hy teen die muur beland. Iets vir The Guinness Book of Records, die eerste pens geveg.

In Eldoret het ons die welbekende Maj L A Cook van Bon Ton faam gehaad. Met groot letters op haar winkel venster, L A Cook, en onder in groot letters kondig sy haar "Bon Ton" aan. Aan die anderkant van die straat die drie Barty susters se teekamer, met drie groot wit katte wat altyd in die venster geslaap het. Eendag kom Miss Cook soos almal haar genoem het, daar aan, en sê sy katterig vir die drie

Barty susters, "Why don't you call your place The Three Cats?" Die een suster haak af, "Why don't you call your place The One Bitch?" Stilte.

Onder die Italiaanse prisoniers wat terug gekom het na vrede verklaar is, was Guiseppe Morat. Hy het met Cora Visser getrou, 'n Sterke derduiwe! maar 'n sagte hart. Hy het so oulik op sy Italiaanse wyse gepraat, soos bv. "we maka da jomp", ons gaan ry. Loop hy in die tuin dan ruik hy so en se "listen to the perfume". Net voor Uhuru wou baie van die amptenare so ietsie ekstra verdien. So was daar ene Kol Owen, nogal 'n redelike opinie van homself, nie deur ander gedeel nie. Hy was destyds "Maize Control". Mielies wat nie direk aan die Kenya Farmers Association gelewer is nie, moes deur sy hande gaan. So gebeur dit dat hy 'n paar vragte mielies van Giuseppe terugstuur, "unfit for human consumption" Guiseppe is toe in om te sien en een woord oor die ander tot Guiseppe sê "Ons neem nou 'n monster na die K. F. A. Hulle het die laaste sê." Toe vererg die kolonel hom mos en sê, "Do you know who you are talking to? I am Col. Owen." Guiseppe vat hom aan die bors met sy linkerhand, trek hom so stadig nader, druk sy regter vuus, 'n grote, in die kolonel se gesig en sê "I give you one knock, I maka you da general." Eiende van troubles.

Een ou boer het altyd op die transport pad, Eldoret na Londiani, as hulle uitgespan het, so van wa tot wa geloop en gesê, "Sjoe nou is ek darem lus vir 'n stukkie vleis." Hy kry toe die naam van "Vleishonger", 'n naam wat hy tot sy dood toe gedra het. Eendag moes hy Mnr Humphries, die hoof van die Central School gaan spreek. Die ou het baie gepruim en so kort kort spoeg hy so sjirt, sjirt, oor die vloer. Daar die ou nie juis Engels magtig was nie laat roep Humphries my suster om hom te sê hy moet nie so spoeg nie. Sy antwoord: "Sê vir Humphries dis my eie spoeg". Nou ja!

Vlakvarke was daar soos ander wild, duiende op die Plateau. My swaar Eddie de Waal het so 'n baster windhond gehad, die ielikste hond wat nog ooit was, maar so vriendelik as maar kan wees, en met die naam van "Handsome". Die ou hond het altyd saam gedraf as my swaar te perd of met die perdekar dorp toe gaan, vyftien myl. Dan was sy grootste pret om die vlakvarke in te hardloop en as dit so wegdraf met stert in die lug, gryp dan die stert kwassie en bring dit vir my swaar, lê dit aan sy voete neer en lag van oor tot oor. Met die 1918 griep het die vlakvarke by die honderde gesterf. Die dokters het destyds die griep by ons soms swine fever genoem.

Van die bekendste Indiërs in Eldoret was Juma Hadjee, kleinseun van Juma Hajee van Eldama Ravine en seun van Juma Hadjee wat saam met Piet von Breda 'n winkel by Hadjee's drif gehad het, waar hy later deur die Elgeyo's vermoor is. Dan was daar Ou Daantjie wat lekker kon Afrikaans praat en in die vroeër jare baie vir die boere gedoen het deur hulle skuld te gee toe. Dinge so sleg was. Hulle het hom ou Daantjie genoem. Sy naam was eintlik Gordhandas Dhanji. En wat dan van ou Bokha Dhudha, "soes maker," wat jou voet mate geneem het en dan vir jou skoene gemaak het vir tien sjielings 'n paar, en wat tot so 1970 nog skoene vir my broer gemaak en aangestuur het vir 40/-. Dit was altyd so prettig om hulle te hoor Swahili praat.

Muishonde, veral die bont stinkhondjie, was volop. So vertel Jim Davis, d w s. Jim Lessos soos hy genoem was omdat hy naby Lessos gebly het. Die neef van Rooi Jim of soms Jim Snor, (eendag toe hulle nog aan die

westekant van Sergoit gebly het, het die honde een aand slaagsgeraak met een van hierdie stink muishonde. Honde is nie juis te angstig om hierdie stink goed te vang nie, en met gebiaf en gespook en die muishond se kwe, kwe stamp die honde die kombuisdeur oop en storm met muishond en al die kombuis in. Die vier broers, Jim, Tom, Hans, en Nicholaas storm almal kombuis toe om te sien wat aangaan, met die lamp dood, die honde en muishond die deur uit, en die Davies'e so streep agterna. Kort, kort staan een stil, ruik, ruik so en sê, "nee ons is nog op sy spoor," toe een broer sê, "maar waar is die honde dan?" Toe kom hulle eers agter dat hulle die draers van die lieflike aroma is.

Ons bure, Madden's, Iere, baie gawe mense, het 'n baie mooi dogter Aggie, gehaad. My broer Schalk was aan haar verloof maar het nooit vir haar 'n persent gegee nie, maar eendag met haar verjaarsdag stuur hy die ou jong met 'n groot kikapu (mandjie) mooi toe gemaak. Almal is by in die kamer om te sien wat dit is wat hy stuur. Versigtig oop maak, toe spring een van hierdie stink muishondjies uit en soek skuiling onder die bed waar die ou tannie hom met 'n besem probeer uitboender. Nie te lank nie kom die ou jong terug met 'n brief in die mandjie, die "sack".

Wie van die ou mense sal nie Gordon Farr onthou nie, 'n groot sterke man maar met 'n sagte hart en altyd vol grappe. Een ding kon hy nie laat nie, om wild in die Nairobi park te steel. Dis dat hy eendag waar 'n hartebees geskiet het en die aand donker net wou begin afslag in sy agterplaas toe een dogter sê, "pa, hier is die polisie". "Hou hulle besig" sê hy. Gryp die hartebees en gooi dit oor die heining in die magistraat se erf. No worry.

Gepraat van bokke. Op 'n plaas by Lugari was daar sowat 1400 Nzola Cob bokke. Lyk amper na 'n Rietbok maar groter agterlyf, horings amper dieselfde. Dit was die enigste plek waar hulle nog was. Hierdie plaas is ook met Uhuru gekoop en die more toe die elenaar die plaas oorhandig, het die outas die plaas omsingel en met nette wat hulle uit sisal gemaak het, gewapen met kieries, pangas ens. stadig in beweeg en daardie aand was daardie spesie bok ook uitgewis.

Maar nou wil ek iets vertel. Dit klink ongelooflik maar is tog waar. Eenkeer het ek die Kicherangani berge gaan klim, ek weet nie meer hoe hoog hulle is nie, seker so bietjie oor die twaalf duisend voet. In Kenya hou die bosse op elf duisend voet op, en dit was al taamlik laat toe ons, ek en vier outas, die bos uitkom. Daar staan toe een ou groot geelhoutboom alleen so 'n ent van die bos en sê ek, "ons kamp onder die boom". Op pad daarheen kom ons 'n klomp ribbokke tee en ek skiet 'n ram en twee ooitjies. Die aand lekker vleis gebraai. Op daardie hoogte is dit sommer koud en het ek heelnag die vier outas by die vuur hoor gesels. Die more wou ek gou 'n stukkie vleis braai, maar toe hang net die drie geraamtes daar, nie 'n stukkie vleis aan nie, selfs tot vandag kan ek dit amper nie glo nie.

Soms hoor mens van die ou druiwestok by Graaf-Reinette, glo oor die tagtig jaar oud, maar by Mombasa staan een enkele druiwestok, stok stokoud. Ek het dit so vyf en twintig jaar gelede gesien en het dit nog gesond voorgekom. 'n Soort Katoba. Dit dra sulke klein vruggies en omsingel 'n paar ou Arabiese huise en help dat hulle nie inmekaar tuimel nie. Ek het 'n baie ou Arabier wat daar was gevra waar dit vandaan kom toe sê hy volgens oorlewering het Vasco da Gama dit daar geplant. Hoe waar dit is

weet ek nie maar hy sê sy oupagrootjie het dit vir sy oupa vertel. Daar is geen ander druiwestokke daar wat ek van weet nie. Ek dink Martie en Thys Davies weet ook daarvan.

Ek skryf maar so bont soos ek onthou, ja so onthou ek dat ou oom Koos eendag baie siek was, malaria, toe my broer Schalk daar te perd verby kom en sê hy gaan die dokter stuur. Hulle wou om die dood nie maar Schalk stuur toe dr Chant, - 'n Goan en baie goed met die tropiese siektes- uit om die oubaas te sien. Toe Sarie sê, "Pa hier is die dokter, pa" klim die oubaas van die bed af om eers te bid, maar baie bang vir die dokter. Met die kniel by die bed en sy groot lyf skuiwe die hempie op en sie daar twee mooi kaal boude kom te voorskyn. Dr Chant kom in en dag die oubaas hou hom reg en druk die spuit so onverwags in dat oom Koos dwars oor die bed spring, geen respek as mens bid nie, mompel hy.

Nou weet ek nie waarom ek altyd moet by wees as iets snaaks in die Kerk gebeur nie. So kom ek op 'n dag agter oubaas Odendaal te lande. 'n Oom wat altyd in die Kerk was, maar soms so 'n bietjie ingesluismer het. Nou ja, hierdie Sondag was dit weer so. So omtrent vyf banke van voor af en direk voor die preekstoel. Toe die oubaas wakker skrik rek hy sy arms weerskante toe uit en laat so 'n groot AHAHAHAHAH hoor, maak sy oë oop en kyk vas in die gesig van die vebaasde Dominee. Toe gaan sit ek maar agter in die kerk, maar soos die noodlot soms bepaal kom ek agter twee wel, ja wel gesette dames te lande, nl. Mev Storm en Mev Bacon (Nie van Uplands nie). Mev Bacon het 'n lang string krale wat tot op haar skoot oor haar wel bedeelde boesem hang. Mev Storm en haar seuntjie langs haar aan die binnekant van die bank. Nie te lank nie hoor ek, "Ma, Ma, piepie ma". Nou by Mev Bacon verby skuif, weer verby skuif met die terugkoms. Nie te lank nie, "ma ma, piepie ma", die verbyskuif proses herhaal, maar die derde keer toe piepie ma en sy ma verbyskuif toe breek hulle Mev Bacon se string krale en sjiert, sjiert rol die krale onder die banke in. Mev Bacon hou haar asem op maar eindelijk moet sy diep asem haal en sjiert rol die krale. "Laat ons dank, sê die Dominee. Almal staan op en sjiert, sjiert rol die krale. Gelukkig is ek 'n sedige ou en het ek maar die ander simpel ouens laat lag.

Almal sal nog Arrie en Diddie onthou. Baie liewe mense, maar so rou uit Holland, eendag neem ons hulle saam om te gaan visvang waar die Uasin Neyro en Nanyuki riviere bymekaar kom. Soos die ou boer gese het, "doer daaer ver, to hell and gone." Onder in die Wanderobo reserwe. Nog nooit was hulle in sulke droë wilde wereld nie. Daar aangekom, gou kamp opslaan, 'n tent om in te eet en een vir die vroumense, die bokke wat ons langs die pad geskiet het gou bewerk, en so vier uur weg is ons om vis te vang. Ek rivier op en die ander laer af. Ses uur gaan die son onder dan is dit meteens donker en so kwart voor ses stap ek terug kamp toe en soos ek gekom het sien ek vars tier (luiperd) spore in die wild paaie. Vuur gemaak en begin vleis braai en stywe pap maak, iets wat hulle niks van weet nie. So sewe uur begin die tirs aan die ander kant van die rivier so hugh, hugh grom. Ek skat daar was so sewe van hulle, maar toe is ons twee vriende bang. Die volgende môre gaan ons weer vis vang maar Didi verseg om die kamp te verlaat en sit maar by die tafel en lees. Met die afgaan moes ons oor ou Raymond se plaas, so 23000 akker, en toe hy hoor ons is verby bring hy die ander dag vir ons 'n slag skaap. Hy was 'n groot man, 48 duim bors, dra altyd 'n lang bos baadjie wat tot by sy knie kom en altyd los hang, 'n groot tien gelling hoed en 'n ruie baard wat tot by sy maag hang.

Didi hoor iets en kyk op in die ou se gesig. "Ooie" sê sy, val agteroor met stoel en al en vat die pad rivier toe waar almal visvang. Sy loop met krag, jy sien net hak en steek spat, haar hakskene slaan so agter haar kop vas soos sy hol en sy skree dat dit so weergalm. Ou Raymond kom stadig af gestap en sê net, "Is she mad, I only brought a sheep?"

Ou Raymond was 'n baie interessante en goed geleerde man, sy broer was Commander. Buiten die groot plaas waar hy so 2000 beeste gehad het, het hy nog naby Nanyuki ook 'n plaas gehad waar hy en sy vrou en twee baie mooi dogters gebly het. Hy het altyd wild gevang vir uitvoer en rondom die huis was hokke met allerhande diere en gediertes. Die mis en strooi is sommer net daar weggegooi en dit was mettertyd so hoog dat hy nie meer oor die hope kon sien nie toe bou hy 'n verdieping op die huis. Met die stank ens, ens kon die vroumense dit nie meer hou nie en het elders (nie die elders van S A waar dit altyd reën nie) gaan bly. Nou het hy so twee drie keer elke week die room op sy groot plaas gaan haal, slaap dan sommer by die outas in die hut, en hy het 'n swetterjoel van al die stamme gehad, "why worry"? Sy buurman het in 1964 net voor ek weg is gesê dat ou Raymond se nageslag toe 105 getel het. Hoe waar dit was weet ek nie. Miskien ietwat van 'n konserwatiewe skatting.

Arrie en Didi het 'n paar jaar by my op die plaas gebly en was ek besig om vir hulle 'n huis te bou en sê toe hulle moet self die bad en toilet gaan uitsoek. Dis die dat Didi afsit Gailey en Roberts toe en vir Victor vra, "Heb je een poepenketel?", Arme Victor, hoe moes de jongen weet wat so iets is?

By Thompson's Vallei se geweste was dit eers maar baie woest en bebos. Geld maar skaars en moes daar gebou word, met die gevolg dat al die geriewe nie dieselfde tyd kon ingebou word nie, die bosse was mos baie. So gebeur dit een aand dat 'n oubaas uitstap om die nodige te doen. Ongediertes was nog volop en toe hy nou mooi sit sien hy so deur die bosse in die maanlig iets aankom. "Kats!" sê hy, "kakaats!" en toe gryp hy die broek en loop al wat hy werd is huis toe, die wind sê so ziir deur sy hare, die kombuis in. Die ou tannie kyk hom verbaas aan en vra, "Ou man wat van die bondel gras in jou hand?"

Een van die diakens, so pas gekies, toe die Dominee vir hom sê, "Broer jy moet vanmôre die vergadering met gebed open." Haul! Die Dominee is toe eers iewers heen en sê die diaken, "kyk ek gee vir enige een wat my uitlos 'n os," maar wat was hulle verbasing groot toe hy self die gebed doen. Toe hulle gaan sit sê die diaken so saggies, "ek het nog my os."

My buurman Flip Prinsloo kon altyd so mooi en smaaklik vertel. So vertel hy, "Ek was besig om in te span toe my swaer, die oorlede dood", soos hy hom genoem het, "ook daar staan". Die os trap op die hond se stert en ek kon sien die hond skree duidelik na bo toe, "skop die os swaer", maar nee swaer staan soos 'n hout god in 'n koelie winkel. Ek loop die os by en skop hom dat hy drie dae teen die wind hang, ek kon doringdraad gorrel omdat die oorlede dood so stadig was.

Van die ou mense sal nog Jan petrol onthou. Dit was in die vroër jare toe geld en petrol skaars was, en het hy die naam gekry omrede as hy met so een gellen in die tenk Nairobi toe ry, nêrens by 'n vul stasie aandoen nie, dan was sy tenk altyd vol as hy by die huis kom.

Nou was daar nog 'n ander Koos, nie juis bang nie, maar darem versigtig. So het hy dan met die laaste oorlog toe hulle begin oproep altyd gesorg dat hy nie daar was as die askari sy oproepvorme bring. Glo snags in 'n erdvarkgat geslaap met 'n sinkplaat voor die opening. So gebeur dit dan een môre toe hy uitkruip, staan die askari voor die gat met die dagvaarding. Teen wil en dank toe maar kamp toe. Daar aangekom sê almal, "more Koos", "more Koos, het jy jou gat saam gebring?" "Het jy jou gat saam gebring?"

Die ou mense sal almal ou Tommy, 'n regte "kirgit" onhou. Die pos was in die vroër jare deur Whitelook, bestuurder van die Pionier Hotel en sy maatskappy vervoer met vier wiel "spiders" wat met slaapplek ingerig was daar die rit enige iets van drie dae tot drie weke afhange van die toestand van die pad kon duur. Tommy en 'n sekere dame was saam op die reis van Londiani na Eldoret toe Tommy homself te buite gegaan het en die dame gemolesteer het. Die saak is aangegee maar in daardie dae het alles maar taamlik gesloer en toe die saak eindelijk voorkom is dit uitgegooi daar Tommy Hall homself intussentyd laat ontman het, "foeitog" Soos Boetie Koot gesê het, 'n onding onder die skepping, bietjie laer as 'n U. Mens kan hom nie eens by 'n pofadder wyfie vertrou nie. Sjoel!

Na die petalje Bacon gaan sit ek maar weer verder voor in die kerk en so wrintig waar kom ek weer agter oubaas Odendaal te lande. Net voor hom sit 'n vrou met so 'n tweejarige seuntjie. Soos dit maar met kinders gaan was die diens seker maar lank en vervelig daar dit nie oor dolosse of dergelike dinge gehandel het nie. Baie verveeld gaan staan hy op die bank, draai om, leun so oor die bank en bekijk die oubaas sonder om sy oë te knip. Die oubaas word naderhand effens kriewelrig deur hierdie stip aanskouing, skuif so bietjie rond in die bank leun dan voorentoe en sê "GOOD" vir die seuntjie, met 'n harde stem. Die dominee hou so 'n ruk verbaas op met preek en ek kon sien hy wil net lag. Ek het maar vooroor agter die bank skilling geneem.

'n Leeu het een nag een van Charlie Pohl se beeste by Thompson's Valle omgewing gevang en onder 'n boom in getrek. Dit word besluit om daardie aand die leeu voor te sit. 'n Stelasie is in die boom gebou met 'n matras bo-op, en vroeg die middag is die voorsitters gereed. Harry Pohl, Gustav en Archie Dry en 'n ander, maak nie juis saak nie. Miskien was daar 'n bottle ook by, "nani na jua?" So net na ses is dit donker en die jagters wag. Klaasvakkie tree in en nie lank nie slaap almal lekker. Naderhand word een wakker en hoor onder die boom so, grrrr kou, loer so stadig oor die rand, en ja wragtie dit is die leeu. Die ander word so suutjies wakker gemaak en loer almal oor die kant en dit is toe die kontrapsie kantel en jagter en matras en al op die leeu af voeter. Wie die grootste geskrik het weet ek nie, die leeu hardloop glo vandag nog. Toe hulle onder die matrass en stelasie uit kom, is Charlie weg. "Ja die leeu is weg met hom" sê een, soek lewer niks op nie. "Charararlie" skree een, "Hier is ek in die kar!" kom die antwoord.

Spoke was daar nie baie in Kenia nie, maar Jan Viljoen het tog van een vetel. Die ou pad Nakuru toe, 100 myl van Eldoret het oor Eldama Ravine gegaan. Hierdie dorpie is op die wal van die skeur vallei en sowat 9000 voet bo see spieël. Vandaar kan mens die Earingo en Hannington mere sien. Van Eldama (Masai naam) sak die pad vinnig Nakuru toe. Die pad is nie geteer nie en baie rof met draaie. Onder is 'n riviértjie op 'n skerp

draai deur die klip drif en met die afkom drif toe moet mens baie rem gebruik. Dit word vertel dat 'n man te vinnig daar afgekom het, die draai nie kon neem nie en is daar verongeluk. Nou spook hy daar. Jan Viljoen was een nag op pad Nakuru toe met 'n vrag koring op sy lorrie, en toe hy die styl afdraend na die driffie vat begin dink hy mos aan die spook, moet kort, kort remme gebruik en net toe hy die driffie vat toe vat 'n koue klan hand hom aan die kant van sy gesig. Hy sê hy weet nie hoe hy die lorrie tot stilstand gekry het nie maar toe hy by sy positiële kom, staan hy aan die oorkant van die rivier, "shaurie gani" (wat makeer?) vra die ou jong wat agter op die sakke gelê en slaap het en elke keer met die rem, rem voorentoe geskuif het, en sy hand by die oop venster verby kom en Jan aan die gesig vat, "Chesawiel" (spook in Elgeyo) was al wat Jan kon sê.

By Patata Draai het 'n oubaas Raath en sy vrou en kinders gebly op 'n plaas gehuur van Lang Jan van Rensburg. Nou vertel sy dogter my dat haar ma baie lief was om huise te herbou en te verander. Sy was juis net weer besig met die uitbreek en verbou aan die huis, toe ou vriende van hulle, 'n dominee en sy vrou die middag laat opdaag. Groot vreugde en gesels. Die spaarkamer is toe vol stof en rommel, toe maar vir die predikant en sy vrou in die voorhuis bed opmaak. Na aandete en baie gesels is almal bed toe. Die oubaas het altyd in die middel van die nag opgestaan om iets te eet, en het die ou tannie vir hom 'n bord kos op die buffet neergesit, skoon vergeet van dominee en sy vrou. Oudergewoonte kom oubaas Raath middernag met sy safari lamp daar in en begin heerlik eet. Nou het hy die eienaardige gewoonte gehad om sonder klere te slaap en toe dominee en sy vrou van die geskuiwel wakker word, sien hulle net hier staan hulle gasheer met sy rug na hulle so poedel as poedel maar kan kom. Die twee boudjies blink in die lamp se lig. Dominee hou net sy vrou se mond toe en kop onder die kombers. Klaar gesmul en salig onbewus van die moles gaan oubaas weer slaap. Maar die spottery die volgende more aan tafel.

In die ou dae toe die wereld nog jonk was het daar net oorkant die Pionierbrug, aan die linkerkant 'n gesin Krogg gewoon. Met 'n beeldskone dogter, Antjie. Destyds het geen perd of ryding gehand nie, moes twaalf myl dorp toe loop. 'n Plan moes gemaak word. Bedel hier, bedel daar en eindelijk het ek drie parrafin blikke by mekaar, ek onthou nog, twee Laurel en een Crown. Ek stuur toe die drie blikke na Henry Ford toe en skryf, ag Oom Henry maak tog vir my 'n model T ford Karretjie. Na drie maande kry ek 'n brief terug wat sê, "Jou Ford staan by O'Shea, maar sê my wat moet ons met die derde blik doen."

Toe was ek geholpe, my "nek tie" aan en daar trek ek skoon Antjie toe, en ek sing soos ou Maer Kaaing, "A loaf of bread, a flask of wine, a biltong and a boerewors, and there beside me is paradise", maar net toe ek by "paradise" met my singery kom, toe konk die Fordjie uit. Met baie gesukkel kom ek toe agter dit is die Commutator, so 'n ronde bakkie affêre wat voor aan die motor aangebring is en met 'n plaatjie wat veer het vas gehou word. Binne draai 'n wieletjie al in die rondte, buite vier drade aangebring. Elke keer as die wieletjie verby kom maak dit 'n "spark". (Destyds was die vonk nog nie uitgevind nie). Amper soos 'n "eendjiebyter" wat moes hitte maak vir die eiers om uit te broei, moes hierdie ding die "spark" gee. Vuil en moeg en nors kom ek by mooi Antjie aan, en wat sou ek sien? Hier sit 'n ander ou wat twee Rietbokboude saamgebring het. Weg is ek daar, en die aand maar alles buiten vrolik. Die kind het malaria sê die familie. Toe ek die more wakker skrik staan hulle voor die bed met 'n

groot dosis kasterolie en 'n spuit, soebat help nie. Tot vandag toe het e nie weer na Antjie verlang nie. Die ander ou het maar aanhou kuier met so 'n wildsbokkie. So gebeur dit dat 'n regeringsamptenaar een middag na werk na die Pioneer hotel toe stap vir 'n snapsie toe hy op die brug 'n groot vet vark, wat lewars uitgebreek het en besluit het om die wêreld te gaan verken, raakloop, met sukkel en die hulp van twee Askaries, jaag hy die ot tot by mooi Antjie op die stoep. Die ma vlieg uit. Wat gaan hier aan? wil sy gebelgd weet. "Nee tante, ek kom ook net vanaand opsit, was die antwoord.

So in die twintiger jare het ons maar gesukkel met die koring, baie roes, net 'n paar soorte koring en het ons nog nie die regte tyd geweet om te plant nie. Die koring deskundige van Engeland kom toe Kenya toe om die koring bedryf te ondersoek en raad te gee. Sir Roland Biffen was sy naam. Ons kry toe 'n boodskap dat hy en sy geselskap die middag by ons kom tee drink. Konsternasie, maar gou alles onder beheer soos ons gedink het. Mooi vir ou Romkirri, ons Sabei bediende, so 'n klein mensie, amper net so mal soos ek, toe hy vra "wapi kanzu" (waar is my kanzu), 'n wit oorkleed met 'n rooi of gekleurde band om die middel wat bediendes altyd gedra het as hulle etes of koffie bedien. Paniek, want so 'n ding soos 'n kanzu was daar nie, en buitendien kon ons dit nie bekostig nie. Toe sê my suster Bonnie vir my, jong wat van die nuwe nagrok wat Corrie gister gekoop het, ja wraggies, stilletjies die nagrok uit smokkel, die kant om die hals en moue verwyder, 'n maagband prakseer en siedaar is ons gereed vir enige iets wat kan gebeur. Toe die tee ingebring word wil Bonnie net lag. Toe die lotjie weg is wil ma en Corrie weet waar ons die kanzu gekry het. Het geoffer om die kant weer mooi aan te werk maar was ons vir die res van die dag nie baie welkom naby Corrie nie.

Op die Plateau was baie wilde poue en het lekker geëet. Een dag bring Schaik een en sê Bonnie en 'n meisie wat by ons was, Eileen Williams hulle moet die pou skoon maak en vir die aandete gaarmaak. Gou water gekook om die vere af te kry, binnegoed, wat nie lekker ruik nie, uithaal, ou Ramkirri se net "twel, twel". Sout en pepper en olie alles reg om gaar te maak, toe Schaik inkom en sê, "ek hoop julle geniet die aasvoel".

Baie sal nog die Eldoret Rifle Klub onthou, met sy ou skuts, Ralph, Dr Fouche, Oom Piet en Tant Poppie Jordaan, en Kosie Boshoff. Oom Jaap Engelbrecht en Oom Kerneels Stieger, die laasgenoemde het altyd gesorg dat alles in orde is vir die skietery. By ons apteek, Howse en Mc'George was nog 'n skut, Henning. So was ons weer besig met skiet, en Tant Poppie een van die skuts en Henning doen die merkery. Wat eintlik gebeur het weet ek nie, ek dink die patroon het nie afgegaan toe tant Poppie skiet nie maar toe sy die geweer laat sak gaan die skoot af, so 'n ent voor haar. Op daardie tydskop kom Henning onder die skywe uit, waarom kon hy nie sê nie, maar die koel wat Tant Poppie afgevuur het word 'n opslag, draai dwars en tref Henning langs die voorkop en daar lê hy skoon uit, soos Flip gesê het, "nee hy was nie dood nie hy was min dood". By die wond het so 'n bietjie harsings uitgepaul. Gou hospitaal toe waar Dr Fouche hom behandel het. Die harsings kon nie terug gedruk word nie en was buitendien los en het Dr Fouche vertel hy moes so 'n teelepel vol verwyder. Henning het heeltemal herstel en soos Dr Fouche gesê het dit bewys dat 'n mens sonder harsings kan klaarkom. Toe die "peep sight" eers uitgekome het, het ons almal van die goed gekry. Skiet Oom Kerneels die dag vrot dan sê hy "my piep is verkeerd".

So teen die eiende van die tweede wêreld oorlog was daar baie Italiaanse prisoniers in Kenya, en was daar lewers gerugte van 'n opstokery en dat die prisoniers wou uitbreek. Die ouwerhede besluit toe almal moet leer drill en skiet, almal tot by die ouderdom van sestig jaar. Verbeel jou mense wat met gewere groot geword het en sommige wat net van die oorlog af terug is. So was daar eendag op Eldoret skietbaan so 40, 50 van ons bymekaar. My broer Anaak moet eerste skiet, hy lê aan en skiet. By die skyf wys hulle dis mis, nee sê Anaak dit is nie mis nie. Gou bel om seker te maak. Nee kom die antwoord dit is mis. Nee sê Anaak, sit sy geweer neer, staan op en stap so dwars die veld in. "Come back Cloete, come back", skree die Kolonel. So twee honderd tree daarvandaan buk Anaak, tel 'n oorbietjie op en kom terug. Waarom 'n patroon mors as jy vleis kan skiet, wil hy weet.

Londiani was die naaste stasie, 64 myl van Eldoret af, en Eldoret is op plaas no 64 en was eers Sixty Four genoem. Op Londiani was die hotel naby die stasie en die uitspan plek vir osse waens. Nogal snags koud daar, maar gelukkig was die hotel kroeg naby vir warm makerjies, en gebeur dit dat Laurie Pohl, Gustav Dry en Oom Willie hulle waens daar moes oornag. Dit was maar koud en sit hulle af kroeg toe. Ek dink daar was vyf van hulle, maak nie saak nie. Maar toe ons vriende eindelooslik, soos Flip altyd gesê het, wou gaan slaap, toe lê Laurie Pohl mors mors dood op die vloer. "Ons kan hom mosh nie shoo laat lê nie", "matataming", "Ons shal hom maar moet gaan begrawe". Aan die hande en voete vasgevat, al sleep die kop op die grond, "apana fikiri" sukkel hulle met Laurie aan, so wankel wankel by die waens verby op soek na 'n begraafplaas vir hulle ou vriend, met die gebabbel en geraas word Tant Lenie wakker, steek haar kop by die wa uit en wil weet wat gaan aan. "Neee Lenie shien jjiy ou Laurie is soos, morsdood, sy arme mense ens ons sjaan hom begrawe". Tant Lenie vleig die wa uit bekyk die ou spulletjie so en sê "hy is nie dood nie, hy roer dan", 'n "Damn shame" sê een. So is hy dan gered en kon nog lank die lewe geniet.

Die Masai Reserve was 'n baie gewilde jag- en visvang plek. So was Koot Seningnek weer daar op safari, staan op die brug en sê "mense ek is darem nou lus vir vis". Talm so 'n bietjie, haal 'n granaat uit sy sak, trek die pen uit, tel vinnig twee en gooi die granaat in die water langs die brug, en toe kom daar 'n seekoei op.

My broer Schalk en Gideon Erasmus het altyd een of ander ryding gehad wat na 'n motor geklink het, maar sien mens die gevaarte dan was mens nie meer so seker nie. Maar eendag kom hulle by ons met 'n ou Model T Ford karretjie aan. Waar hulle hom gekry het, weet ek nie, maar kon nie meer as 5 pond gekos het nie. Geen kap nie, geen windskerms nie, net die twee yster paaltjies langsaan waar die glas moes in gewees het. Die sitplekke sonder bekleedsel, die ronde vere sit oop, maar darem nog aanmekaar geheg met draad. Niks onder mens se voete nie, maar hy loop. Toe op 'n dag neem my broer Anaak die kar om na Eldoret te ry, toe hy terug kom is dit donker, dit reën en bly hy staan. Vorentoe, agtertoe, totdat karretjie eidelik uit is, maar toe kyk hy af en sien dat die uitlaatpyp rooiwarm gloei, dis daar wat hy sy goed gryp en afklim en huistoe loop. "En toe Anaak waar is die kar dan", "nee man dit het vir my gelyk asof die ding wou opblaas". Toe vekwansel Schalk en Gideon die kontrepsie aan Hans Prinsloo. Toe sy ma die ding buite sien staan skree sy, "Hans wat soek die nagkar hier op die werf?"

Op die plaas waar Piet Davies later gebly het, was eers twee broers, Eddie en Harry. Eergenoemde was maar tamlik skrikkerig en het die pad Eldoret so 'n endjie voor ons huis verby gegaan in die ou dae. Gedurende die eerste wêreld oorlog kom my broer Schaik met verlof en bring 'n sak ou Martini Henry en Kiedieklapper patrone saam. Nou eers met 'n duim waterpyp 'n kanon prakseer en op twee hout wiele wat ek gehad het monteer. Die ou Martini koëls word uitgehaal en plat geslaan (hulle was van lood) die kruit bymekaar gooi. Van die Martini patrone het nog die ou lydlite kruit gehad, sulke lang dun stukkie so twee duim lank. Die kanon is van voor gelaai. Die kruit goed vas gestamp met 'n pluisie en dan so twee of drie plat koëls. Agter in die kanon se loop tot waar die kruit kom het ons 'n V gaatjie gevyl. Van die lang stukkie lydlite kruit is nou hier in gedruk, aan die brand gestee en koets ons agter iets in en as die skoot af gaan hoor jy net, zoem, zoem zoem soos die ou plat koëls deur die lig zoem. Ons was eendag net besig toe ons Oom Eddie met sy perd sien aankom. "Goei nog kruid by" sê Schaik "en nog so paar ekstra patrone", en toe die oubaas so reg oor ons was gaan die skoot af met 'n donderende slag en zoei, zoei trek die koëls oor sy kop. Maar toe loop die ou perd, jy sien net sambok in lê. By ons bure vertel hy die Duitsers is al by die Cloete's. Met die oor dosis van kruit het die loop van die arme ou kanon ook van voor tot agter oop gebars.

Nou was daar op die Uasin Gishu, drie families, almal Koos Engelbrecht, almal met hulle bynaam, d.w.s. Koos Onand, Koos Waterberg, en Koos Renoster. Waar die byname vandaan kom weet ek nie net dat Oom Koos Renoster se kinders almal met 'n "petrol cap" of "stuurwiel" in die hand gebore is. Hy was die Pa van Fairy wat saam met Fred Hopley die eerste motor reises tussen Johannesburg en Nairobi in 'n terraplane kar gewen het.

Oom Koos het in Ortleppesville gewoon, langs die straat wat van die Pioneer Hotel verby loop en waaruit die Londiani pad gedraai het, nogal tamlik opdraende. So vertel sy seun Flip vir my die dag toe sy pa ook 'n kar gekoop het en sy ma vir 'n ritjie wou neem. Toe alles sorgvuldig na gegaan is, water petrol en gekyk is of die wiele nog almal mooi rond is, sê Oom Koos, "vrou klim in", "Nee" sê sy, "trek eers die kar uit tot op die straat", "Ag vrou jy is tog verniet bang". Die kar is toe uitgery sodat sy neus straat af wys. Nou kon hy my nie presies sê wat gebeur het nie, maar sy pa het nooit die kar uit tru rat gehaal nie en net toe sy ma mooi agter die kar is laat Oom Koos per ongeluk die "clutch" los en hier kom die kar agteruit die straat op met sy ma voor, die opdraende op, Oom Koos dood geskrik skree net, "Help! Gee pad vrou". Dit was 'n petalje, gelukkig kon Flip langsaan opspring en die kar tot stilstand bring.

Die ou karre se "carburettors" (hulle het toe nog nie vergassers gehad nie) het meestal so langs die enjin gesit, met so 'n tuit bek wat die lug in suig. Almal met so 'n klep wat mens van binne die kar met 'n draad kon ooptrek of toe stoot, dit was die "choke" (seker nie verwurper in Afrikaans nie). Petrol was 4/- 'n geillon. Genoeg om 'n khaki hemp by die koelie winkel te koop. Miskien nog so 'n sjieling oor om juggus of jaggery te koop. Dit was nou grondboontjies of harde klonte bruin suiker (dit was suiker in die vroeë stadium, nog nie skoon gemaak nie). Nogal lekker, die twee saam, om te smul as jy in 'n konsert sit!

Vocco, dit was nou krag parrafin wat trekkers op loop, heelwat goedkooper as petrol, nou ja, 'n boer maak 'n plan, die tenk is volgemaak

met half petrol en half vocco, of soms sommer net vocco alleen. Om die kar aan die gang te kry moes een die "starter" trap, 'n ander met 'n lap staan langsaan, gooi petrol uit 'n bottle op die ou lap en hou dit dan voor die vergasser se bek sodat dit die petrol en lug saam kon insnuif om eers die kar aan die gang en warm te kry vir die vocco. Jy kon altyd net hoor, "laat hom snuif". Later 'n klein ekstra tenkie aangebring vir petrol, wat mens kon aan of af skakel.

In die Eldoret omgewing het 'n sekere Goddam Smith gewoon. 'n "Cowboy" met twee Colt 44 revolvers wat hy altyd weerskante van sy sye gedra het. 'n Ware "two gun man". Praat van skiet, ek kon nie eers so met spek skiet nie. So gebeur dit dan dat hy eendag in Daddy's Bar met 'n man, een van die ou bekende families wat nie altyd so vredeliewend was nie, woorde gekry. Goddam pluk sy twee revolvers uit 'en sê, "hardloop, pick them up". Die man sit die rieme neer pad af terwyl Goddam die sole van die man se skoene sulke strepe skiet. Gooi mens 'n kondensmelkblikkie in die lug kon hy dit in die lug hou tot die twaalf patrone op was.

Plase in Kenya het almal aan die regeering behoort, "crown land" wat ons dan van die regeering gekoop het en 'n jaarlikse rekonie vir 99 jaar sou betaal. 'n paar plase was vry van hierdie betaling.

'n Baie mooi en geil deel by Mau Narok het aan die Masai behoort, maar 'n ou met die naam van Powys Cobb het ander planne gehad. Hy kom toe eendag daar aan met outas wat penne dra, hy ry op 'n perd, en dis dat hy daar vir hom 'n tamaai groot plaas afbaken met penne en vir die Masai sê enige een wat oor die grens kom wat hy afgebaken het, hy sou dood skiet. Met knoei en samewerking van die destydse goewerneur is hierdie deel toe op sy naam geregistreer. Toe die Britse regeering daarvan hoor het hulle so stil, stil die goewerneur verplaas. Ek onthou nie sy naam nie. Hierdie plaas is later deur die regering vir "Soldier Settlement" gekoop.

Gedurende die 1918 griep epidemie was daar op die Plateau maar min medisyne. Twee dokters, Chant en Le Roux. Dr Le Roux is vroeg aan die griep oorlede. Almal het maar raad gegee en probeer help, so kom Laurie Pohl eendag te perd by ons om vir my ma raad te vra. Sy Pa, suster en tante was alreeds oorlede. Die siekte het gewoonlik weens hoë koors in longontsteking oorgesit. Al raad wat ma kon gee is om elkeen 'n lepel roulynolie met vyf druppels terpentyn inte gee. Laurie is toe weg en gee almal 'n lepel terpentyn met vyf druppels lynolie in, ja almal het gesond geword. Die egte terpentyn is werklik goed vir baie dinge, onder andere bek en klou, dit weet ek self.

In die vroër dae het die Suk en Turkana stamme mekaar baie lastig geval met strooptogte oor die Turkwell rivier, so 'n hele ent onerkant die Turkwell ravyn en waar die rivier breed is en in die droë tyd baie vlak is. Hulle veg dat dit bars maar as die son wil ondergaan, word die geveg meteens gestaak. Die Turkana neem die dooie Suk na hulle kant van die rivier, en die Suk die dooie Turkana na hulle kant, en nie te lank nie of mens sien hoe gaan die rook van die braaivleis vure op. Destyds, het een van die Distriks kommissarise my vertel, was daar heelwat mensvretende leeus wat kom opruim het.

Almal sal Naas Steenkamp, die kort mannetjie, net sewe voet vier duim lank, onthou. Hy het sulke lang tree gegee, met sy lyf so effens vooroor

geleun. Nou ja, die dominee van die Valle kom toe om ons nuwe Dominee te bevestig, albei op die kansel toe die kollekte geneem word, waar hulle sit kan hulle nie oor sien nie, toe die Valle dominee loer en net die bolyf van Naas sien, wat die kollekte bordjie dra, fluister hy vir die ander dominee, daar kom 'n man te perd die kerk binne, gou loer hy oor en kan net Naas se bolyf sien wat werklik lyk of hy te perd is. Die Kerkraad moes lank wag voor die twee op die kansel kon voortgaan. Wou kort, kort net lag.

By die Valle was 'n boer, getroud, maar toe lyk die skoonsussie al te mooi, en neem hy haar ook maar. (Seker baie huiswerk gehad) Die dominee saam met 'n ouderling is afgewaardig om met die broer te praat. Sy antwoord, "Aag dominee, jy is net jaloers, ek het tog twee en jy het nie eers een nie". Wat kon hy sê?

Naby ons, in die vroeëre jare het 'n oubaas Teen Botha gewoon, met die aller fraaiste lang wit baard wat oor sy bors gehang het. So 'n baard het ek altyd begeer, so gebeur dit dat Gordon Farr en ek saam is op safari in die Masai Reserve, en besluit ons, al is daar ook nou nie Filestyne daar nie ons gaan baard groei. Myne het al te mooi en weelderig gegroei met allerhande hulpmiddels, pragtig rooi met so 'n spatseltjie grys tussen in om meer waardig te laat lyk. Toe, een môre staan oom Gordon en ek en kyk waar die wild is toe 'n Blouwildebees bul hom van die trop afsonder en aan gehardloop kom. "Skiet hom," fluister oubaas Farr, "ajjut," sê ek saggies, "laat ons sien wat hy wil doen." Ons staan doodstil en so wrintig waar kom die wildebees hier in die koelte staan onder my bos baard. Baard dadelik af. Gevaarlik, kon 'n buffel of leeu gewees het. My storie daal!

Op die plaas waar Lang Piet Steenkamp later gebly het was eers 'n gesin Corbett. Perde mense. Die ma en dogters was altyd in Eldoret te sien met rybroeke aan. Die ma was vir jou 'n rissie en gou op haar perdjie. Het ook nie gekroom om te sê net wat sy dink en sommar baie woorde te gebruik nie. Eendag toe die ou tannie weer staan afblaas en so swaai, swaai wegstap, kyk ou Barker haar so agterna en sê, "There goes the maximum of bloodiness."

Gedurende die eerste wêreld oorlog het Belfield wat toe Gouverneur was, se dogter, Monica, haar eie regiment begin. Genaamd "Monica's Own". Later by ander eenhede ingelyf. Tussen hulle was 'n offisier wat baie verlief was op Monica. Ek ken nie die hele storie nie, maar met haar help en bystand het hierdie geliefde van haar 'n hele koffie fabriek op Arusha, wat aan die Duitsers behoort het, afgebreek, stuk stuk na sy plaas naby Ruiru laat vervoer, waar hy dit na die oorlog weer opgesit het. Monica se beloning, 'n mooi toegedraaide, pragtig geblomde "kooa" om onder die bed te sit. Nou toe nou!

Omtrent al die manne wat van die Plateau met die eerste wêreld oorlog aansluit het, is in die Belfield Scouts opgeneem. Soos die naam aangedui het moes hulle die spioenwerk doen. Onder hulle was die alom bekende Soon Snyman. 'n Groot sterk ma met uitstekende goeie oë. Aan my is vertel dat as daar enige twyfel was dan het Gen. Smuts geroep, "Soon? Ja Generaal!" "kom hier, kyk daar of jy iets sien." "Nee generaal!" of "ja generaal!" daar roer takkies of iets flits. Dan kyk die ander met verkykers en kan niks sien nie. Dit is beweer dat hy 14myl ver met blote oog kon sien. Soos ek hom geken het, glo ek dit.

Oom Jan het op Patata draai gewoon. Dit was die pa van die bekende atleet in Kenya, Martiens. Martiens se groot ideaal was altyd om 'n oorbietjie in te hardloop en te vang. Ongelukkig kon hy dit nooit reg kry nie. Hy het altyd so vinnig gehardloop dat hy die oorbietjie verby hardloop.

Ek het altyd tussen die poskantoor en O'Shea se winkel parkeer, en een mōre het oom Jan ook daar parkeer. Hy het altyd so 'n ondeunde vonkel in sy oë gehad. Toe ek stilhou roep hy my. "Wat glimlag jy so Oom Jan", wil ek weet. "Nee," se hy "gister het ek darem die ou vrou 'n poets gebak". "Hoe so Oom Jan?" "Ja man, ons was mos gister aangetrek om kerk toe te gaan toe sy teen my uitvaar, jy weet mos sommer verniet, soos vroumense maar is. Dit het die nag gereën en was die pad nat en vol plasse water. Nou ja, toe ek mooi in een van die plasse is hou ek stil, haal die kar uit rat en trap die petrol, voetei met die ratte maar die kar staan. "Heila," sê ek, "jy moet stoot," "met my skoon klere" sê sy. "Ja vrou, dit is al plan." Sy klim uit en ek sê "stoot," niks gebeur nie. "Wag vrou ons probeer weer, wag tot ek sê stoot dan stoot jy". Ek sit die kar in laagste versnelling en sê stoot vrou stoot, "ek stoot, ek stooooot" sê sy, met die gee ek vet en trek weg, die wiel gooi haar vol modder van kop tot tone, en sy val so lank soos sy is oor die aarde, jy sien net water en modder spat. "En toe Oom Jan?" vra ek. "Nee wat ons het toe maar nie Kerk toe gegaan nie."

Die New Stanley Hotel in Nairobi was alom bekend en sommer 'n baie lekker hotel. Soos in al die dorpe in Kenya was die strate maar rof en ongeteerd en die vore aan die kante van die strate redelik diep om al die reënwater te neem. Nou was die twee ou vriende, Iere, Madden en O'Reilly op pad huis toe na so 'n redelike vertoefie in die kroeg van die New Stanley, albei van hulle oor die ses voet lank en sterk. Nou ja die ligte was maar sleg, die straat nat en miskien die drankies ook aan die sterk kant. Ek sê maar sterk, want waar sal jy nou 'n Ier kry wat te veel drink. Maar toe voeter O'Reilly in die voor in, so in die die halwe donker en ook nie so vas op sy voete nie soek Madden na O'Reilly en soos die noodlot soms bepaal het daar ook al so 'n klein mannetjie wat ook by die Stanley gekuier het, ingeval, met die soek kry Madden die klein mannetjie in die hande, tel hom op, hou hom in die lug en sê, "What the devil has happened to you O'Reilly, what has happened to you".

Naby Plateau het ook nog 'n Koos gebly. Net voor Uhuru is hy en sy gesin Mombasa toe vir 'n welverdiende vakansie. Ongelukkig het kwaaijongens die padaanwyser by Athiriver omgedraai, d.w.s. die een wat wys Mombasa, en aan die anderkant Namanga, Arusha, Pretoria. So het ons vriend die verkeerde pad geneem, en toe hy hom kon kry toe is hy by die doeane pos by Bietbrug. Wat nou? Nee wat ons bly maar in Suid-Afrika. Hy het toe nooit weer terug gekom om sy perd wat hy daar laat staan het, te kom haal nie. Nou verstaan ek hy het vir hom hier 'n stokperdjie begin, nl. trou, ja trou. Wel as mens 'n mooi man is en aantreklik, kan mens seker nie altyd weg hardloop nie, en as mens se nek nog koper is gaan dit maar moeilik.

En nou vriende, sal ek moet gaan suig en suig, om weer iets verder uit my duim te kry vir volgende keer. Salaam sana, ka mizuri

Saisere

Mising

Sonnie

Laat Nuus

Mnr. A. G. van Wyk (Lex) is op 16 Aug 1925 in Arusha Tanganyika gebore. Hy was op skool daar tot hy 15 jaar oud was. Hy is toe Suid Afrika toe en was 2 jaar op die Tegnieese Kollege Jhb. waar hy sy Senior sertifikaat gekry het. Hy begin toe by Yskor werk vir 9 pond per maand as vakleerling. Hy is daarna Universiteit toe waar hy sy BSc graad gekry het in Ingenieurswese. In 1951 is hy met verlof in Kenia en daar getroud met Marie van Heerden. Hy is as jong Beplannings en Ontwikkelings Ingenieur gestuur na Thabazimbi. Later het hy by die Kooks oonde op Pretoria gewerk in 'n bestuurs pos, daarna is hy aangestel as Projek Ingenieur tot sy aftrede verlede jaar. Hy is die 26ste Julie 1985 oorlede. Hulle was geseen met vier kinders. Sy moeder Mev Rina van Wyk (80) leef nog in die Louis Trichardt tehuis, sy skoonmoeder Freda van Heerden (91) is in Huis Vergenoeg. Sy oudste suster Engela is met Proff P. G. Nel getroud, en die ander twee susters bly in Amerika. Sy vader J. F. van Wyk is die skrywer van "Die Mauser Knal".

Mev. Koba van Dyk passed away in Tzaneen in July 1985, her late mother and Tant Sannie Luies (nee Muller) were Sisters.

Mr. Mike Parker passed away in Pietermaritzburg, August 1985. He was in the Kenya police mechanical section at Nyeri together with the late Lionel Ulyate. Mike was married to Rosemarie Chapman, her late mother was Ann de Vries who owned "Leneas Hairdresser" in Nairobi.

Dr H. J. C. Pieterse (Voorsitter)
Posbus 123
DOUGLAS
8730

Mnr. A. G. Boshoff (Sekretaris)
Posbus 40546
ARCADIA
0007

Mnr. D. M. Steyn (Nuusbrief)
Settlers Agricultural High Sch
SETTLERS
0430

*Stuur asb. nuus en herinneringe aan
hierdie mense.*